Hy Gee Om. Gee Jy Om?

Dankie, Broer. Laat ons nou net 'n oomblik bly staan vir gebed. Nou met ons hoofde gebuig, is daar enige uitgesproke versoek, of bekend gemaak deur net die oplig van jou hand, as jy net jou hand opsteek soos, reg, hou nou net jou versoek.

2 Ons Hemelse Vader, ons nader U weer, vir hierdie versoeke wat. . .hulle hul hande in die lug opgesteek het. En hulle is behoeftig vanoggend, Here, vir baie dinge. U weet wat hulle in hulle hart dink, want U is die Woord, en die Woord is 'n Onderskeier van die gedagtes en die oorlegginge van die hart. Ek bid U, Mees Genadige God, dat U elkeen van hulle sal antwoord volgens hulle behoeftes, in hierdie wete dat U dit sal doen volgens hulle geloof. Gee ons dan geloof waar ons U Woord spreek, Here, mag Dit geloof bring na hulle. Help my om U Woord te spreek, want U Woord is Waarheid, dat Dit geloof kan bring om antwoord te gee op hierdie versoeke. En dan mag daar sommige hier wees, Here, wat afgedwaal het van daardie smal weg, wat nie wandel in die Waarheid van die weg nie. Ons bid, Vader, dat iets vandag gedoen sal word, en bekend gemaak word, dat hulle spoedig sal terugkeer na daardie pad van gemeenskap weer met Christus. Die dae word laat, boosheid is aan elke kant, daar's 'n groot afvalligheid. En ons bid, Vader, dat U Uself vandag aan ons sal bekend maak, deur die siekes in ons midde te genees, wonderwerke te verrig. Nie dat U dit hoef te doen, Here, om ons te laat weet dat U God is nie, maar omdat U belowe het om dit te doen. En ons weet dat U U beloftes aan ons sal skenk as ons hulle maar net sal glo en weet hulle is waar. Ons vra hierdie gunste in Jesus Christus se Naam. Amen. (Kan maar sit.)

3 Ek het net 'n oomblik gevat om sommige van die versoeke wat hier lê, te lees, daar's twee of drie, een van hulle is 'n versoek om gebed. Natuurlik, daar's baie sakdoeke wat hier lê waaroor ons graag sal—sal bid oor 'n rukkie, wanneer ons voel dat die Teenwoordigheid van die Heilige Gees op—op Sy piek is. Dis dan wanneer ek probeer bid hieroor, wanneer die hele gemeente, almal gesalf is met Sy Teenwoordigheid.

4 Ons is so jammer om—om te verontrief, het soveel wat staan, en nie plek vir hulle om te sit nie. En—en hierdie is die dag van warm weer op sy toppunt van warmte, ons het omtrent honderd persent humiditeit en omtrent honderd grade, so dis baie benoud en warm.

5 En ek het vanoggend uitgegee vir genesingsdienste, of nie. . . Waarom ek dit "genesingsdienste" maak, omdat ek my geloof sit op wat Hy belowe het. Sien? Nou, ek kan nie sê dat Hy dit sal doen nie, maar ek glo na Sy Woord aangehoor en ons

geloof gebaseer is op wat Hy belowe het, dan het ons 'n reg om op Sy genesingsbeloftes aanspraak te maak, net soos ons op Sy verlossingsbeloftes maak.

6 Hierdie paar versoeke. Ek weet nie of hulle al die opnemers aan die gang het hiervoor, of nie. Dit kan dalk goed wees. Wel, ek skat dis in orde vir die buitewêreld, die publiek om dit te hoor, dis 'n versoek.

Het jy geprofeteer dat daar 'n—'n miljoen negers doodgemaak sou word op die . . . of het jy slegs aangekondig dat daar—daar dit sou gebeur?

7 Nou, sien, ek het julle altyd gevra om versigtig te wees waarna julle luister. Sien? Daar's soveel daarvan wat dit slegs die menslike sy is. Maar altyd as daar iets is wat voortgaan, sal dit dit spreek: "Dis SO SPREEK DIE HERE," selfs tot visioene of enigiets. Die visioene op die platvorm, in die gehoor, dit doen julle self; dit is nie God nie, dis jy. Sien? God bring nie visioen te voorskyn nie, jy doen dit self, deur jou geloof in 'n Goddelike gawe.

8 Soos die vrou Sy kleed aangeraak het, Hy het nie geweet wie sy was of wat met haar verkeerd was nie, maar sy het dit self gedoen. Sien? Nou, dit was nie SO SPREEK DIE HERE nie. Dit was SO SPREEK DIE HERE toe Jesus teruggepraat het en haar gesê het dat haar geloof haar gered het. Maar sien, jy moet dophou.

9 Nee, ek het maar net van Martin Luther King gepraat, oor hierdie groot ramp wat hulle in die Suide het, met die—die gekleurde mense. Ek het gesê: "As daardie mense slawe was, sou ek my kerk neem en na die suide gaan om hulle uit slawerny te help." Ek sou beslis, want die mens maak slawe, nie God nie. Ons is almal van een bloed. Ons kom almal van een boom, en dit was van Adam. God, deur een bloed, het alle nasies gemaak. En of ons, ons kleure bruin is, of swart, of geel, of rooi, of wat dit ook al mag wees, ons is almal skepsels van die Almagtige, sien, en daar behoort nie enige geskille in ons te wees nie.

10 Die kwessie daaronder is "segregasie in skole." Nou, ek was daar met die eerste opstand, en ek het dit gehoor, en ek—ek weet waarvan ek praat. Die gekleurde mense het goeie skole, somtyds baie beter as die ander skole. En, byvoorbeeld, in Shreveport het hulle beter skole as wat die wit skool is. Maar dis die idee van iemand wat hulle inspireer dat hulle moet gaan en hulle vermeng. Wat, ek dink dit sou in orde wees, maar solank as wat die mense daarteen beswaar maak, daardie mense van die suide, dan watter verskil maak dit in elk geval?

11 En ek dink dat Martin Luther King Kommunisties geïnspireerd is, wat omtrent 'n miljoen mense gaan lei na 'n absoluut dodelike lokval. Sien? Ek sê nie die Here het dit vir my gesê nie. "Ek" glo, sien. En ek glo dit moenie gedoen word

nie. Ek dink dat mense Christene behoort te wees en mekaar as broers behoort te erken. En, maar ek dink net omdat . . .

12 Hierdie Verenigde State, hierdie regering sê my nou dat ek nie eens 'n tjek kan teken wat—wat is . . . aan my persoonlik gegee is nie. Sien? Dis konstitusionele regte weggeneem van my, maar wat kan ek daaraan doen? Net voortgaan, dis al. Sien? En dit moet deur 'n ander sisteem gaan voor ek as 'n burger van die Verenigde State 'n tjek kan wissel, moet deur hierdie kerk kom, ek kan dit nie wissel nie. Sien? En dis nie reg nie. Dis onkonstitusioneel. Maar wat—wat kan ek daaraan doen? Daar's niks. Hierdie belasting invorderaar hieronder is die een wat my gesê het ek kan dit nie doen nie, so, wel, daar is dit. As dit is, wat daarvan. So laat dit maar gaan.

13 Ek dink dit behoort dieselfde ding te wees, dat die . . . dat my gekleurde broers en susters in die Suide behoort nie opstandig te raak teen hulle broers en sulke dinge oor so 'n klein dingetjie soos dit nie. Goeiste, watter verskil maak dit of jy *waar* of *wat* skool toe gaan? Ek het 'n goeie gekleurde dame gesien daardie môre toe hulle was . . . hulle die rebellie gehad het daar in Shreveport, en dit was 'n ou gekleurde prediker wat die burgermag bly sê het, hy het gesê: "Laat ek met hulle praat." En so was hy 'n godsvresende ou man, en hy het daar opgestaan, en hy het gesê: "Ek was nog nooit skaam oor my kleur nie." Hy het gesê: "My maker het my gemaak wat ek is, en ek was nog nooit skaam daaroor nie, maar, tot vanoggend." Maar het gesê: "Wanneer ek julle mense sien, my mense wat so optree," gesê: "dan is ek skaam om 'n gekleurde man te wees." Daar is die burgermag ingeroep, het hom doodgeskree.

14 Toe het een of ander gawe, opgevoede, agtermekaar gekleurde dame opgestaan, met 'n intelligensie, goeiste, opperste. Sy het gesê: "Die eerste ding, ek wil nie my kinders deur 'n wit vrou geleer hê nie."

Gesê: "Waarom?"

15 Gesê: "Omdat sy nie die belang in my kinders sal stel wat my . . . 'n gekleurde onderwyser sou nie." En het gesê: "Kyk na ons skole hier. Waaroor skree julle?" Het gesê: "Ons het swembaddens en alles in ons skole, en hulle het dit nie daar nie." Gesê: "Nou, waaroor skree julle mense?" En hulle het haar doodgeskree, sien.

16 Dis deur die verkeerde dinge geïnspireer, julle sien, sien, hulle, daardie mense. En dis waarom ek dit sê, nie dat daar enige—enige profesie is wat dit betref nie. Ek het niks daaroor van die Here nie. En wees julle nou seker, as ek enige so-iets van die Here sê, om julle te sê, is dit altyd . . . Ek praat nou. Maar wanneer Hy praat, sê ek: "Dis nie ek nie, dis SO SPREEK DIE HERE." En ek kan dit nie sê voordat Hy my sê nie. Ek sou heeltemal verkeerd kon wees in my gedagte oor Martin Luther

King. Ek weet nie, ek kan nie sê nie. Dis net my opinie. Enigiets wat probleme opjaag, dis wat veronderstel is om in die laaste dae te wees. En dis alles deur Satan geïnspireer, om ons statebond op te breek en wat ons ook al het, enige so-iets wat opstaan. So ek's vir daardie mense daaronder, julle moet nooit dink dat ek nie is nie. Ek—ek's vir vryheid en vir alles, maar die mense het nie daardie situasie nou onder nie. Maar wat dit sal doen, ek glo dit sal nog 'n revolusie aan die gang sit as iemand dit nie stopsit nie. Sien, dis die Kommuniste werksaam onder daardie mense.

17 Ek was in Afrika toe hulle dieselfde ding gedoen het. Sien? En ek weet daar het Kommuniste daar ingekom, het daardie gekleurde mense vertel: "O, julle is *dit*, *dat*, of die *ander*. Julle is *dit*, *dat*, of die *ander*." En voor jy jou kom kry, het dit veroorsaak dat duisende van hulle gedood is. En waar het hulle beland? Nêrens, sien, nêrens.

18 En ek—ek gee om vir menslike lewe. Laat ons die Here dien. Ons Koninkryk is Daarbo; niks oor hierdie ding hier nie. Solank ons kan eet, drink, en kan hê, wat wil julle nog hê? Sien? So ek weet wat dit sal wees. Ek—ek besef dat dit net probleme veroorsaak.

Nou, hier is nog 'n vraag.

Johannes die Doper, met die ontmoeting met Jesus, sien, waarom het Hy gesê: "So betaam dit ons om alle geregtigheid te vervul"? Wat het dit beteken?

19 Wel, ek onthou Dr. Roy Davis, 'n—'n—'n persoonlike vriend van my, wat my gedoop het die enigste keer wat ek ooit gedoop is. En hy het gesê dat Johannes bedoel het, ek onthou dit in hulle skool, hy het gesê: "Johannes het geweet dat hy nooit self gedoop is nie, so hy . . . Jesus. Johannes het Jesus hom laat doop." Wel, dit, ek—ek verskil van die—die groot doktor daar.

20 Nie ter weerspreking nie, maar ter wille van Waarheid kan ek dit sê. Nee, daar was twee manne, die twee leiers van die uur, die Messias en Sy profeet het in die water ontmoet. Nou, onthou, Johannes het gedoop, nie ter vergifnis van sonde nie, maar tot bekering. Nie vir die vergifnis van sonde nie, want die offerhande was nog nie gemaak nie, sien, daar was geen Offer nie. En die Offer kom na hom in die water. Nou let op. Johannes kyk op en sien Jesus, het hy gesê: "Ek het nodig om deur U gedoop te word. En waarom kom U na my toe?"

21 Jesus het gesê: "Laat dit nou toe," wat dit was. "Laat dit nou toe, want so betaam dit ons, of is dit gepas vir ons, om alle geregtigheid te vervul." Toe Johannes, synde 'n profeet, tot wie die Woord van die Here kom, kom slegs na die profeet. Johannes, synde 'n profeet, het verstaan dat dit die Offer was. En volgens die Wet, dat die offer gewas moes word voor aangebied, en dis waarom hy Hom gedoop het. Sien? Hy het gesê: "So betaam dit ons om alle geregtigheid te vervul." Die Offer, wat Hy was, moes

gewas word in die waskom voor aangebied as offerhande. En Jesus was die Offer; en Johannes het dit geweet, en hy het geweet dat Hy gewas moes word voor aangebied. En dan onmiddellik daarna, is Hy aangebied aan die publiek vir verhoor, en was die Offer vir die hele mensdom. Die Here seën julle.

22 Nou gaan ons 'n kort Boodskappie hê, en vertrou die Here sal aan ons Sy seëninge skenk. Nou, waarskynlik, as ek terugkom . . . Ek vertrek hierdie week om die kindertjies op 'n vakansietjie bo in die heuwels te neem. En dan as ek—as ek betyds terugkom, wil ons volgende Sondagoggend praat, as dit toelaatbaar is vir God en vir die pastoor hier. Ons sal julle verder laat weet hierdie week, julle wat uitstedig is, by wyse van 'n brief. Ek wil praat oor 'n onderwerp van presies waarom ons die dinge glo wat ons oor Christus glo, waarom dit op die wyse moet wees en geen ander wyse nie. Sien? En dit bewys deur die Skrifte. Nou, as die Here wil. Doen ek dit nie, sal ek julle hierdie winter probeer sien of volgende somer, een, wanneer ons terugkom, as die Here vertoef. Ons gaan nou terug huis toe in Arizona, sodat ons die kinders in die skool kan kry.

23 Nou, vanmôre, net voor die gebed vir die siekes, gaan ons iets van God se Woord lees. Wat, ons weet dat sonder hierdie Woord, is dit onmoontlik, kan daar niks gedoen word nie. En slegs die Woord kan hierdie seëninge voortbring wat ons vir die siekes en die behoeftiges vra. En ek wil nou iets lees uit Een Petrus, die 5de hoofstuk, vanaf die 1ste vers. En dan uit die Boek van Hebreërs, wil ek lees Hebreërs 2:2—4.

> *Ek vermaan die ouderlinge onder julle, ek wat 'n mede-ouderling en getuie van die lyde van Christus is, wat ook 'n deelgenoot is van die heerlikheid wat geopenbaar sal word:*
>
> *Hou as herders toesig oor die kudde van God wat onder julle is, nie uit dwang nie, maar gewilliglik; nie om vuil gewin nie, maar met bereidwilligheid;*
>
> *Ook nie as heersers oor die erfdeel nie, maar as voorbeelde vir die kudde.*
>
> *En wanneer die Opperherder verskyn, sal julle die onverwelklike kroon ontvang.*
>
> *Net so moet julle, jongeres, aan die oueres onderdanig wees; en wees almal* nie bekleed . . . *en wees almal met ootmoed bekleed, in onderdanigheid aan mekaar, want God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade.*
>
> *Verneder julle . . . onder die kragtige hand van God, sodat Hy julle kan verhoog op die regte tyd.*
>
> *Werp al julle bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle.*

24 En in Hebreërs, die 2de hoofstuk, lees ons hierdie Woorde. Nou ek neig om as 'n teks te gee: "werp julle bekommernisse." Ek's . . . my teks is *Hy Gee Om. Gee Jy Om?* Wil nou hierdie gedeelte lees, terwyl julle na Hebreërs 2 blaai, dat julle kan sien die—die ware betekenis van hierdie Woorde, wat hulle, wat hierdie teks beteken.

> *Daarom moet ons des te meer ag gee op wat ons gehoor het, dat ons nie miskien wegdrywe nie.*
>
> *Want as die woord, deur engele gespreek, onwankelbaar was, en elke oortreding en ongehoorsaamheid regverdige vergelding ontvang het,*
>
> *Hoe sal ons ontvlug as ons so 'n groot saligheid verontagsaam wat, nadat dit eers deur die Here verkondig is, aan ons bevestig is deur dié wat dit gehoor het,*
>
> *Terwyl God ook . . . saam getuig het deur tekens en wonders en allerhande kragtige dade en bedelinge van die Heilige Gees volgens sy wil?*

25 Ek wil die onderwerp hier gebruik, van: "Hy gee om." En "Gee jy om?" Toe Hy hier op aarde was, het Hy omgegee vir die mense. Die gedagte daaraan kom in my gemoed op net voor te praat of te bid vir die siekes, nie wetende watter soort van 'n—'n gebedsry wat ons sal hê nie.

26 Ek, ek . . . eerstens, en om dit te benader, moet die gehoor met geloof gesalf wees. Julle—julle, as julle nie geloof het nie, dan is daar—is daar geen nodigheid om eers te kom om voor gebid te word nie, want dit gaan julle geloof en my geloof saam vereis; my geloof om Hom te glo, julle geloof om Hom te glo. So ons vergeet dit nou nie soos ek voortgaan nie. Ons moet iets klaarblyklik hê, met bewyse, bedoel ek, waarop ons ons geloof kan vestig wat ons probeer doen. Want as 'n mens enigiets benader wat hy wil doen, sonder voldoende geloof, gaan hy verseker 'n mislukking wees. Maar as hy dit met genoegsame geloof kan benader, dan gaan hy verseker slaag as dit volgens God se wil en doelwit is om so te maak.

27 Nou, ek het gedink aan Hom wat omgee. Gisteraand, hoe ook al, eienaardig, is ek deur die Heilige Gees gelei. Toe, ek gewag het vir 'n paar kêrels om Broer Wood te kom help om 'n—'n sleepwa wat hy gebou het agterop die bak van sy trok te sit. Ek het nie geweet waarom ek my goeie vriend, Broer Evans, probeer kry het nie, en ek het met die hoofweg langs begin gaan. Wat, my vrou en familie wat daaragter sit, weet dit is waar. En hoe ook al, eienaardig, het ek omgedraai en teruggegaan na 'n plek, 'n motel.

28 En, o, hoe het dit nie my hart geroer om soveel van my vriende daar vergader te sien binne omtrent twee minute se tyd, tot dit die pad versper het, die karre kon nie meer deurkom nie, sommer ware vriende, het vir honderde myle gery, van Georgia

en Tennessee en Alabama, en oral omheen, net om—om 'n diens te hoor. Toe kom daardie gedagte in my gemoed: "Wat sal ek dan sê vir hierdie mense, in die wete dat ek in die Oordeelsdag sal moet verantwoord vir wat ek hulle vertel?" En ook ek is 'n—is 'n aanhanger van hierdie groot lewe wat sal kom, en ek—ek wil daar wees.

29 En vreemd het ek toe gegaan na 'n plek waar ek 'n snaakse draai gemaak het. In plaas van daar om te draai, het ek opgegaan om 'n draai te maak. Die ligte het geval op 'n lieflike pare aan die buitekant, twee mooi jong dames wat ek pas getrou het met twee mooi jong predikers. En Satan, nadat hy gesien het die—die prediker, een van hulle se bediening was gevestig en hy het 'n—'n lewensmaat geneem net hier, hierdie altaar. Hulle het gelukkig vertrek op hulle wittebrood, en—en die vyand het op hierdie jongman gespring. En ek sê dit om uitdrukking te gee aan wat ek sê: "Gee Hy om?" Hoe ook al, met geloof wat nie "nee" wou aanvaar nie, het hulle gedraai en teruggekeer hierheen, geweet nadat hulle die hele pad daar in (ver na die ooste) hier êrens op hulle wittebrood was, het teruggekeer en gesit, gewag. En ek het binnegestap, goeie aansienlike jongman; sy vrou sit buitekant, huil, sy en hulle metgeselletjie. En die ander man en die ander broer, wat 'n vriend is van hierdie jongman, kom aangehardloop, sê: "O, Broer Branham, *so* en *so* het gebeur."

30 Daarheen gegaan en gesien hierdie aantreklike jongman sit daar, net in die fleur van sy lewe, 'n leier van jongmanne, sit daar, en Satan het hom gebind. Hy het nooit opgelet nie, maar ek het my hand (linker) gevat om hand te skud met sy hand (regter), om te sien of een of ander siekte hom gepla het. Maar daar was geen teken van vibrasie nie. Het net uit die kamer gekom van te bid en te vas, en te wag op die Here, die salwing van die Heilige Gees was daar, en dis waarom Dit ons gelei het, sien. En toe hierdie skadu van duisternis oor hom gesien. Ek het nooit gesê wat ek gedoen het nie. Maar in minder as 'n paar oomblikke se tyd, was dit alles weg, die koudheid van sy hande was weg, hy het uitgeroep en God geprys, 'n paar minute om homself te vind. En hier sit hulle net hier vanmôre, sit in die gehoor. Sien hoe Satan daardie jongman probeer ontstel het, deur hom te verwys na een of ander kompleks wat teruggebou moes word, wat die Heilige Gees geweet het, en ek het dit gesien deur die visioen van die Here. Maar God het vir daardie man omgegee. God het vir daardie jong seun omgegee.

31 Pas ingekom 'n paar oomblikke gelede, 'n—'n dame, ek sien haar hier sit in die paadjie, met geen. . . het vir haar net op 'n manier 'n sitplek gekry, en gaan sit. Sy het gesê: "Nege jaar, Broer Branham, het ek jou in die hande probeer kry." En sy het gesê: "Ek's so desperaat! Ek laat hier, en kon nie eens 'n gebedskaart kry om in die ry te wees nie."

32 Billy, natuurlik, dis sy opdrag om te sien dat ek nie gepla word nie, neem my in en uit. Moenie hard wees op Billy nie, hy's

beveel deur hierdie raad van trustees om dit te doen. En as hy nie het nie, sou ek nie in staat gewees het om by die gebedsry te kom, hier in te kom nie. Julle besef dit. Sien, daar moet 'n sisteem wees met wat ons ook al doen. Ons—ons moet dit hê, sien. Maar hy sê: "Komaan pappa, skud op," hierdie.

33 Die dame het terugbeweeg. En sy het gesê: "Broer Branham, net 'n woord met jou." Staan daar, 'n visioen het oor hierdie aansienlike jong vrou gebreek, en gesien dat haar hart belas was. En sy het probeer werk om 'n lewe te maak. En 'n—'n groot ding het destyds gebeur, ver terug in die tyd van haar ouers, wat veroorsaak het dat hierdie groot ding met haar gebeur het, en die Here Jesus het Dit geopenbaar en getoon wat dit was. En daar, in 'n oomblik se tyd, dit van die vrou af weggeneem. Sy het verheugd rondgegaan. En sit nou hier in die gehoor saam met ons, verheug met trane, soos sy nou haar oë afvee, weet dat die waarheid van die ding bekend gemaak is. En dat, wat, daardie arme neurotiese vroutjie, wat so senuweeagtig was dat sy nie geweet het wat om met haarself aan te vang nie, en gedink dat sy verlore was, en daar geen Heilige Gees was nie, en hierdie is haar laaste dag. Sy het vir nege jaar probeer en sy was omtrent by die punt van wanhoop; God het omgegee vir daardie vroutjie vir wie niemand omgee nie. Sien? Watter tyd! Hy gee wel om.

34 Toe Hy hier op aarde was, soos ek sê, het Hy soveel omgegee vir die mense, dat Hy hulle siekes genees het, hulle harte vertroos het, hulle vertel het van 'n—'n plek dat waarheen Hy sou gaan en voorberei vir hulle, en weer sou kom om hulle vir Hom te ontvang. Hy het omgegee vir hulle. En let op, Hy het soveel omgegee dat, toe Hy geweet het Hy moet weggaan ten einde hierdie groot ding na ons te bring, het Hy gesê: "Ek sal julle nie sonder vertroosting agterlaat nie, maar sal die Heilige Gees stuur, en Hy sal My omgee vir julle voortsit," totdat Hy terugkeer. Daar's niemand wat omgee, soos Jesus nie. Wetende dat Sy liggaam, as 'n Hoëpriester, in 'n middelaarswerk wat Hy nou doen, moet daardie Liggaam te alle tye in die Teenwoordigheid van God wees, vir intrede, dat God nie die sondaar se sonde kan sien nie; Hy sien slegs die Bloed van Sy Eie Seun. En met daardie wete, het Hy die Heilige Gees teruggestuur om voort te gaan om Sy mense te vertroos. Gee Hy om? Sekerlik, gee Hy om. Nou, Hy sou voortgaan om vir die mense om te gee, Sy mense hier op aarde, op dieselfde manier wat Hy vir hulle omgegee het toe Hy hier was. Omdat Hy gesê het, in Johannes, die 15de hoofstuk, as julle wil maak . . . Ek het notas wat hier lê met hierdie Skrifte waarna ek verwys, Johannes 15:26 en 27.

35 Ek sien baie van julle skryf die Skrifte af. So ek kan daarna verwys as julle dit nie ken nie, baiekeer, na die Skrifte. Ek skryf die Skrifte neer, dan weet ek hiervandaan waarvan ek praat, omdat dit altyd in die Woord van die Here is. Sien?

36 Hy het gesê, wanneer die Heilige Gees gekom het, Wat die Vader in Sy Naam sou stuur, sou Hy van Hom getuig. Met ander woorde, Hy sou dieselfde ding doen wat Hy gedoen het. Die Heilige Gees wat werk deur 'n tabernakel wat Hy geheilig het, sou dieselfde ding doen wat Hy gedoen het. Nou, wat behoort dit nie vir ons te doen nie! Dan weet ons dat reg tussen ons vandag, het ons dieselfde vertroostende Here Jesus in die vorm van die Heilige Gees, 'n ander amp waarin God Self werk.

37 Hy was 'n Vertroosting vir Israel toe hulle kon opkyk en die Vuurkolom sien en die profeet die Woorde hoor spreek wat waar was, en God bevestig Dit. Dit was hulle Troos.

38 Hy was 'n Vertroosting toe Hy as 'n mens hier op aarde was, God wat vlees geword het. God wat Homself verteenwoordig en aan Hom uitdrukking gee deur 'n—'n Mens, Christus Jesus, Wat beloof het dat "Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen. En Ek gaan na die Vader, en gaan die Heilige Gees terugstuur, Wat Ek in Geesvorm sal wees. En Ek sal met julle wees, en in julle woon. En die einste dinge wat Ek hier gedoen het, sal die Heilige Gees weer doen in My Naam, wanneer Hy kom." Sien? Dis waarom Hy gesê het: "Om Daarteen te spreek" nou nadat die versoening alreeds gemaak is, was onvergeeflike sonde, om "die Heilige Gees te laster."

39 En Hy sou dit op dieselfde manier doen, sodat ons sal weet of dit 'n vertroosting is van een of ander aardse standpunt, of ons sal weet of dit 'n vertroosting is van een of ander ouer persoon wat hulle arms om ons kon sit en ons 'n bietjie omhels en ons goed laat voel, of—of een of ander teologiese term van 'n denominasie wat sou sê: "nou behoort jy aan ons, en ons het dit; en behoort nie aan die res van hulle nie, want hulle het nie."

40 Hy het dit direk seker gemaak, sien: "Hy sal in My Naam spreek. Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen, wanneer Hy op julle is." Sien, Hy sou op dieselfde manier vertroos, deur al ons sondes te vergewe, al ons siektes te genees, en met ons te praat van vertroosting van 'n Koninkryk wat sal kom. Sien, bewys Homself tussen ons, soos God Homself tussen ons bewys het deur Jesus Christus. En in—in Twee Timóthéüs . . . Een Timóthéüs 3:16 is dit so geskrywe, weer oor God: "Onteenseglik groot die verborgenheid van die Godsaligheid is groot, want God is gemanifesteer in die vlees." Ons het God in vlees gesien. Dit was God se vertroosting, om te weet Hy kom sover (Hy het omgegee vir ons) dat Hy een van ons geword het. God gemanifeseteer in die vlees. Nie sommer 'n ander persoon nie, maar God Self!

41 En nou om dit nog 'n tree nader te bring, stuur Hy die Heilige Gees om te sorg vir ons vertroostinge, en Hy woon *in* ons. O, Hy gee wel om!

42 Nou moet ons voortgaan na nog 'n Skrifgedeelte hier, of 'n ander gedagte om dit te onderskraag. Voor ek gaan, kan ek dit

sê: almal het nie hierdie Vertrooster nie. Hulle, hulle het nie, hulle het Dit nie. So waarom hulle Dit nie het nie, is omdat hulle Dit nie aanvaar nie. Dis vir hulle, maar hulle aanvaar Dit nie. Nou, ek hoop dat julle geestelik genoeg is om—om te snap wat ek sê. Sien? Ek praat met 'n groep mense vir wie gebid moet word oor 'n paar minute. En ons het hierdie Vertroosting in Heilige Gees wat gestuur is as Vertrooster, maar alle mense wil Dit nie ontvang nie. Hulle glo nie Daarin nie. Sien? Hulle, ten einde dit te doen, vergader hulle hulle troos uit 'n ander bron, een of ander manier. As hulle nie God se voorsiende Vertrooster aanvaar nie, dan moet hulle 'n ander vertrooster kry, sien, omdat jy nie kan lewe sonder iets om voor te lewe nie.

43 En ek hoop dat elkeen van julle dit begryp, veral julle mense vir wie gebid moet word, wat so ongemaklik is vanmôre, met miskien probleme waaraan dokters nie kan raak nie.

44 En ons glo dat dokters mense help. Ek glo dat God deur medisyne genees. God genees deur snykunde. God genees deur te verstaan. God genees deur liefde. Net 'n bietjie liefde, rig baie uit. Laat iemand heel ontsteld wees, en wys hulle net jy gee om vir hulle. Sien? God genees deur liefde. God genees deur gebed. God genees deur wonderwerke. God genees deur Sy Woord. God genees! Watter bron dit ook al is, God genees daardeur. Dis God wat genees, want Hy het gesê: "Ek's die Here wat al jou krankhede genees." So dit alles behoort saam te werk, en mense in verskillende bedienings behoort daarvoor saam te werk. Sien? Nou, maar hulle doen dit nie, omdat hulle somtyds verbied word om sekere standpunte in te neem op God se Woord, want hulle sekere denominasies laat hulle nie toe om dit te doen nie. Maar dit keer egter nie die Waarheid nie, God gaan voort om te genees, ongeag.

45 So hulle probeer vertroosting put uit een of ander hulpbron. Laat ons eers praat oor die siel.

46 Ons vind uit dat baie mense vertroosting probeer vind deur te drink. Weet julle, ons het 'n gesegde wat baie bekend is onder ons vandag, dat—dat baie predikers drink somtyds voor na die preekstoel gaan, vat 'n—'n—'n goeie swaar sluk van bedwelming. Was bekend om predikers op die platvorm te sien, wat selfs steier onder die invloed van drank. En dit—dit behoort nie te wees nie. Dit moenie wees nie. Is omdat baiekeer kan ons die man veroordeel wanneer ons dit miskien nie behoort te doen nie, ons behoort uit te vind wat agter die probleem is. Baie van hulle is van alkohol bekeer gewees. En ons vind uit, as hulle in daardie toestand is, is dit 'n skande en 'n oneer. Maar nie meer van 'n oneer as wat dit sou wees om te lieg, steel, of vroue te begeer, of enige ander ding wat in die gebod is nie. Sien? En miskien is 'n man passievol gebore, en hy sien hierdie moderne ontkledings op straat, en hy—hy is voortdurend in die moeilikheid. Sien? Hy, dit,

die man is so gebore. Nou, wat hy behoort te doen, die prediker wat drink, of die—of die vrou wat rook of wat . . .

47 Trek so onsedelik aan, probeer vir haar 'n vertroosting vind uit so goed aanmekaar gesit te wees, dat sy mans na haar wil laat kyk. Daar's geen ander rede nie. Sy is gedeeltelik van haar verstand af. Sien? Geen verstandige vrou sou weet om haar te ontklee voor mans, wat by haar volle verstand is nie. Sien? Daar's glad geen rede daarvoor nie. En sy, maar sy probeer om, hierdie jongmeisies vandag wat op die straat uitgaan, hulle is regte . . . Wel, julle verskoon die uitdrukking. En onthou, hierdie band gaan nie slegs na hierdie mense hier nie, dit gaan regoor die wêreld. Sien?

48 En 'n—'n vrou wat haar klere sou aftrek van haar af, want sy weet dis warmer. Loop daar in die son, kaal, en loop dan uit met klere aan, en wat is die koelste? Die Indiane daar in die Papago's en Navajo's; die Papago's veral, en van die reservaat, daardie vroue kom uit met groot geweefde kombers om hulle, en sit daar in die son om koel te bly. Waarom? Hulle sweet, en die wind wat waai, laat 'n lugverkoeling ontstaan, julle sien. En hierdie vroue het geen ander rede as net . . . Hulle weet dit nie, hulle besef dit nie. Ek sê nie dat hulle dit doen nie. Baie van hulle is goeie vroue, en ek sê dit nie om onbeskof te wees nie. Ek sê dit om—om te probeer om—om—om hulle wakker te laat word. Sien?

49 Dis maar net Satan, sien. Jy besef die ander geslag, die manlike geslag kyk na so-iets, gee so 'n invloed op hulle totdat hulle—hulle sal hulle bande laat skree en fluit die—die—die wolwefluit. En—en—en vir wat doen hulle dit? Die vroue doen dit ten einde die man te kry om dit te doen. Waarom kom julle uit, reg op die hitte van die dag, en vieruur in die middag, om die gras te sny wanneer mense van hulle werke af kom en sulke dinge? Dit wys dis 'n gees van kranksinnigheid. En ek weet baie van hulle het 'n IK 'n miljoen maal hoër as myne, maar ek toets jou IK met God se Woord en kyk waar dit uitkom. Sien? Dis moderne IK, maar die einste getuienis en vrugte van die lewe bewys. So hulle probeer daarmee vertroosting vind.

50 Baie van hulle sê: "Wel, ek doen dit nie." Maar julle trek julle so aan met sulke aanloklikheid dat hulle meer modern probeer wees as die vrou wat langs hulle in die kerk gaan sit die volgende oggend, dra 'n beter hoed of 'n bietjie beter klere, omdat jy kan bekostig om dit te doen. Sien? Sien, sonde ryk ver heen. En hulle probeer vertroosting vind deur so te maak. En hulle het . . .

51 Dit het so 'n ding geword dat dit absoluut die nasie as geheel getref het, nie slegs die nasie nie, maar die gehele wêreld. Baie dinge sou ek hier kon sê, maar, om tyd te bespaar, die genesingsdiens kom aan, ek—ek sou grootliks hieroor kon praat, maar ek sal nie. Ek's seker julle sal verstaan wat ek bedoel.

Hierdie, dit het die politieke wêreld getref, die politieke lewe, die sosiale lewe, die morele lewe van die nasie, van die volkere rondom die wêreld. Dit het gekom by 'n punt dat 'n man 'n politikus wil wees net om die naam te hê van 'n politikus te wees. Het volop geld, kan stemme trek en masjiene huur om dit te doen, en—ensovoorts, net vir die naam, en miljoene en miljoene dollars werd, sien, net vir die naam van 'n groot politikus te wees. Genoeg is daaroor gesê, julle weet waarvan ek praat.

52 En sosiale lewe! Die mense probeer bymekaar kom in hierdie kranksinnige sosiale lewe. Moet my nie vertel die wêreld is nie kranksinnig nie, en maak soos wat dit maak. Dit is beslis. Sekerlik. Dis 'n neurotiese wêreld. En deur die genade van God, is die enigste manier waarop ons daaraan sal ontsnap. Let op, in hierdie sosiale lewe het die mense by 'n punt gekom dat hulle—hulle sosialiseer klein klieks, en hulle kom daarin en dink: "Ons is beter as die volgende groep." Sien? En dit, dit word net so gedoen. En dis die sedelikheid, dit het die sedelikheid van die mense getref totdat, eerlik, vriende, ek glo nie eens dat (die wêreld) die woord "sedelik" herken word onder negentig persent van die mense van hierdie nasie nie. Hulle weet nie eens wat (die wêreld) die woord "sedelik" beteken nie. Dit—dit het aan hulle ontsnap. En dit het dit so ongemerk gedoen.

53 Satan is baie subtiel, sien, en hy doen dit so maklik, so—so subtiel, net 'n heel klein bietjie *hier* en 'n bietjie *daar*, en los dit. Hy het baie tyd, so hy laat net 'n bietjie *hier* inloop en 'n bietjie *hier* en, voor jy jou kom kry, is die mense geleidelik daarin inbeweeg. Wat sou gebeur het met 'n vrou, destyds toe ek 'n seun van sestien jaar oud was, as sy in die straat sou afloop soos sy vandag maak in hierdie ontkleevorm? Wel, hulle sou haar in die tronk gesit het. Wel, as dit toe verkeerd was, is dit nou verkeerd. Sien? Maar, julle sien, Satan begin net die rompe afsny, en om hulle te laat afsak, en—en dit sal gebeur dat daar iemand is wat een sal ontwerp verder as die mikini of bikini, of wat jy die ding ook al noem, tot by 'n vyeblaar. Julle onthou! Dis reg, dit sal reguit teruggaan. En dis, dis nou prakties daar.

54 En nou vind ons, al daardie dinge is omdat mense vertroosting probeer vind. Hulle probeer iets vind wat hulle. . . En onthou, jou vertroosting is jou godsdiens, en jy maak daardie dinge jou godsdiens. Sien? Hoe jammer om te besef dat die dood reg voor jou lê. Sien? Totdat, dit alles het gebeur totdat dit lyk asof daar nie 'n—'n soliede fondasie in die nasie oor is om enigiets op te bou nie.

55 Laat ek julle net iets vra. Jy kan skaars enigiets glo, behalwe die Bybel. Ons het Christus steeds, danksy God. Sien? Jy—jy kan nie enigiets glo nie. Jy kom op. . .Byvoorbeeld, wanneer jy jou televisie aanskakel (julle wat so-iets het), en wanneer jy jou televisie aanskakel en die—die advertensies sien, wel, as 'n persoon probeer lewe het volgens 'n honderdste van daardie

advertensies, sou jy doodgaan binne 'n week. Sien, jy sou dit nie kon doen nie. En die einste ding wat een maatskappy sal afkraak, soos 'n produk, en sê: "*Dit* is die ding hier, en moenie hierdie een *hier* kry nie," en dieselfde maatskappy verkoop dieselfde produk. Dan sal 'n ander advertensie opkom, neem *hierdie* aan hierdie kant en nie *daardie* nie, en dieselfde maatskappy. Die Amerikaanse mense val vir sulke goed soos dit, totdat die hele ding verrot geraak het, totdat daar glad geen hoop meer is nie. Niemand weet wat om te glo nie. Maar ek gaan julle oor 'n ruk sê wat om te glo, as jy vertroosting wil hê, as die Here wil.

56 Die mense, hulle lieg, verneuk, steel, dat jy byna 'n verband van sekuriteit moet hê om vyf dollar by iemand te leen. Dis 'n . . . Weet julle, die Bybel sê dit, dat daar geen liefde in die laaste dae sou wees, behalwe net onder die uitverkore mense nie. Dis reg. Die Skrifte praat daarvan, dat die man teen die vrou sou wees, en vrou teen man, kinders teen ouers. Slegs tussen die Uitverkorenes van die Here sal daar enige liefde oor wees.

57 Die kerke het ook in dieselfde ding beland vanuit sosiale lewe. Hulle het dit in die kerke ingebring, hulle sosiale lewe en hulle politiek en hulle ander dinge, totdat hulle die kerk so verward het, dat dit nie weet wat om te doen nie. Hulle het politiek in die kerk ingebring. Hulle het ook sosiale lewe gebring, hulle sosiale lewe in die kerk, hulle sosiale aktiwiteite, bingo of bunco, of wat hulle dit ook al noem, en hierdie dinees en danse, ensovoorts, in die huis van die Here. Wel, dis—dis 'n jammerte.

Hulle sê: "Wel, nou, dit is nie, dis in die anneks."

58 Onthou, dit was ook die anneks waaruit Jesus die—die handelaars met hulle handelsware uitgeslaan het, en gesê het: "Daar staan geskrywe: 'My Vader se huis is 'n huis van Gebed gemaak,' en julle het dit 'n skuilplek van rowersnes gemaak." Sien? Dis verkeerd, ek gee nie om waar dit is nie. Solank as die kerk . . . Die kerk is nie so seer die gebou nie, dis die mense in die gebou. En as daardie mense voordoen hierin, wel, dis verkeerd. En hulle het daardie gebruik gebring.

59 Nou vind ons uit dat die kerke, ook, altyd iets belowe, soos die televisie ensovoorts, dat hulle nooit uitkom by die—die ding wat hulle belowe het nie. Soos ek dikwels gesê het, 'n ou aanhaling: "Die mens prys God altyd oor wat Hy gedoen het, prys God oor wat Hy sal doen (sien vooruit na wat Hy sal doen), en ignoreer dan wat Hy aan die doen is." Sien, hulle—hulle—hulle faal. En dis hoe hulle geskiedenis word na 'n ruk, van die besmette, sien, omdat hulle faal om nou te herken! Jy kan praat oor die vertroosting wat Christus eens gegee het, en sê dat Hy 'n vertroosting sal gee in eeue wat kom, maar weier die vertroosting wat Hy nou hier vir jou het. Sien? Dis op dieselfde basis wat ons dit vind. Wel, dit het 'n groot ding geword. Vind nou uit dat hulle—hulle kom . . .

60 Dis selfs in Pinkster geword, in die kerke. Dit het in die Pinksterkringe geword, dat hulle altyd iets belowe wat hulle nooit by uitkom nie. Dis altyd dat elke kêrel 'n ander sensasie het, en—en maak dit, of dit Skriftuurlik is of nie, en hulle belowe iets waarby hulle nooit kom nie, totdat dit lyk asof dit by 'n punt gekom het waar daar skynbaar geen opregtheid is nie. Die—die mense kom nie uit by daardie ware kern van opregtheid nie. Dit het verloor die . . . Die einste Engelse woord "*sincerity*" [Afr. "opregtheid"—Vert.] het sy—sy waarde verloor vir die mense. Of, deur die mense se manier van—van lewe, het dit sy opregtheid vir hulle verloor. Nou lyk dit nie of hulle verstaan nie.

61 Selfs by ons belydenisse! Nou, ek wil hê julle mense wat kom, of hier is en hou . . . of op die—die band, ek wil hê julle moet nou mooi luister vir 'n oomblik na hierdie aanhaling. Dit—dit . . .

62 Tensy jy diep opreg is! En jy kan nie opreg wees voor jy positief is, verstaan, nie. As jy veronderstel, of raai, of sou hoop, dan kan daar nie 'n dieptes van opregtheid wees wat God vereis nie. Dit, geloof, is nie 'n "hoop so" of "dit sou reg kon wees" nie. Dit moet abosluut "Amen!" wees. Dis jou uiterste. Dit—dit—dis jou—dis jou absolute. Dis die ding waaraan jy geanker is. Sien? Jy moet kom by jou uitsterste, dat "Dit is die Waarheid en daar's . . . Dis niks behalwe die waarheid nie, en Dit moet so wees!" En dan wanneer jy dit in jou gemoed besef, dan moet jy Dit benader met jou hele lewe, siel, liggaam, alles wat in jou is, net alles volledig uitverkoop daarvoor. Soos Jesus so genadiglik vir ons geleer het in die man wat pêrels gekoop het en hy die Een gevind het van groot waarde en hy al sy ander verkoop het om Dit te kry. Al die waarhede en alles wat hy gehad het, al was hulle goeie pêrels, hy—hy . . . hierdie Een het alles vir hom beteken. En wanneer jy God se Uiterste vind, Sy Woord, 'n belofte oor 'n sekere ding, moet jy eers weet dat dit God se Woord is, dat die ding wat jy gedoen sien, God is. Daar—daar's geen—daar's geen "miskien so, dit sou kon wees, dit lyk of dit kan wees," nie. "Dit is God!" Dan wanneer jy by daardie punt kom, dan is dit die Pêrel van groot waarde, moet jy wegkom van enigiets wat iemand jou sê teenstrydig Daarmee. Jy moet nie kyk na wat die mens vermag het nie. Jy moet kyk na wat God gesê het en na wat Hy belowe het, en Hom dit sien doen, dan is dit jou Uiterste net daar. En dan moet alles wat jy is, alles wat jy was, alles wat jy hoop om te wees, Hierop geplaas word net asof dit dood en lewe vir jou was op daardie oomblik.

63 Ek dink een van die dinge wat ons mense weerhou van genees te word, is die gebrek aan belydenis, is die gebrek aan opregte belydenis. Nou, byvoorbeeld, dit kan dalk 'n bietjie erg klink, maar ek bedoel dit nie op daardie manier nie. Maar, gekyk na my vrou wat hier sit. As ek vandag hier sou uitgaan en my arms gooi om 'n ander vrou en—en liefde maak met haar, en ek dan sou weet, nadat ek dit gedoen het, dat ek verkeerd was, so verkeerd.

Nou, natuurlik, my Vertrooster sou my weerhou van dit te doen. Sien? Sien? Maar ek bedoel as ek—as ek dit gedoen het, en ek . . . dit gebeur het dat ek dit gedoen het of iets soortgelyk daaraan. En dan weet ek die eerste ding is om vir my vrou te sê, voor ek vir God kan sê: "vergewe my," omdat ek teen haar gesondig het. As jy na die altaar kom en onthou, jy moes dit eers gaan regmaak voordat jy jou gawe offer. So ek moet na haar toe gaan. Ek glo daarin belydenis is ook regmaak. Dit is nie ware belydenis tensy dit is nie.

64 Wat as ek nou gesê het: "Ek gaan dit bely, dat ek verkeerd gedoen het, ek sê: 'Goeie Here, O Vriend van my, U weet dat ek U baie goed ken. Prys God! Halleluja! Ek—ek—ek—ek dink U is 'n goeie ou Kêrel. Vergewe my. Weet jy, ou, ou Vriend, ek—ek het dit nie so bedoel nie'"? Sien?

65 Nou, julle sê: "Dis godslasterlik." Dit is. Om so 'n belydenis te maak, dit is.

66 Maar wat as ek gaan sê: "Here, ek—ek het nie bedoel om dit juis so te doen nie, en help U my en ek sal dit nie weer doen nie"? Hy sal my offerhande weier totdat ek eers gaan en dit regmaak met my vrou.

67 Dan wat as ek na haar toe kom met dieselfde oneerbiedigheid, en sê: "Sê, ou meisie, ou vriend van my, ou moeder van my kinders, en ou skat, jy weet ons was vir 'n lang tyd tjommies. Sê, wat as ek my arms om 'n ander vrou gesit het? En wat sê jy daarvan, ou kinta, sal jy my vergewe?"

68 Ek stel my voor hoe sy sou lyk. Sy sou dink: "Wat het met my man gebeur?" Sien? Nou, eerstens, sy sou nie weet of ek gek geskeer het en of ek nie het nie.

69 En jy gaan nie op daardie manier om 'n belydenis te maak aan jou medemens of God nie. Jy gaan met die dieptes van opregtheid, met godvresende berou oor jou sonde. Eerstens, moet jy jammer wees. Ek moet vir haar sê: "Skat, kom hier, dit kan die res van ons getroude lewe beteken. Die vrou saam met wie ek lewe, dis my skat, en hoe het ek jou nie al hierdie jare liefgehad nie. Maar nou kan jy my verlaat, hiervandaan bly jy dalk nie by my nie, jy mag my dalk nie aanvaar nie. En ek weet dit. Maar tog, om dit reg te maak, ek moet regkom." Ek moet haar sê uit die dieptes van my hart.

70 Dan moet ek God op dieselfde manier sê. En beide vir haar en God sê, met die opregtheid, dat ek dit nooit weer sal doen nie, deur die genade van God. Sien? Moenie net regtig . . . Nou, ek kan dalk by haar verbykom, en sy (sien?) sal nie sien nie. Miskien sou my storie aan haar—sou haar oortuig, maar my storie sou God nie oortuig nie. Hy kyk in my hart en Hy weet. En na alles, nog net 'n paar jaar saam met haar, as God toelaat, en ons sal uit hierdie wêreld weggeneem word. Maar by God, is dit Ewigheid, so ek moet diep opreg wees teenoor God. En dan as ek opreg is, sal Hy

my verhoor. Maar as ek nie opreg is nie, is daar geen nodigheid vir my om God se tyd te mors om na my te luister nie.

71 En dis waartoe dit vandag gekom het, onder mense, daar is skynbaar nie die dieptes van opregtheid wat—wat hulle behoort te hê nie.

72 En ek glo dat 'n man of vrou wat kom om voor gebid te word, moet eers bely alles wat hulle gedoen het, en alles regmaak. Omdat, julle sien, jy baiekeer oplet op die platvorm, jy oplet, dophou hoe ver weg daardie SO SPREEK DIE HERE is. Sien? Sien? Die mense, die visioen sal materialiseer, natuurlik, met hulle geloof, God het dit belowe deur 'n gawe. Maar die genesing is iets anders, sien; God erken dit dan, sien.

73 Nou, ons let op, dit is, die mense wat hulle belydenisse maak, moet kom met diepte van opregtheid. Ek het hier, ek het nie tyd om dit te lees nie, maar dis in Binghamton, New York, dink ek. Of, het ek dit verkeerd? Ja, Binghamton, ek dink dis reg. Die plek waar die Endicott Skoenmaatskappy daar is. Binghamton, ek dink dit word Binghamton genoem, Binghamton, dis reg, New York. Ons was daar in die Endicott-Johnson skoenplek, 'n groot ouditorium, en ons het 'n diens daar gehad. En een oggend, Billy Paul was langsaan my, regtig koud, winde het gewaai. En ek het, onder die mense, gevind 'n gebrek aan opregtheid, skynbaar. En ek—ek het gewonder waarom. Hier was een man wat genees is, voorneme, of een man in—in die besonder van wie ek praat. Die man het 'n groot kwelling gehad, en hy is genees hierdie aand, het daar gestaan. En voor ons vertrek het, vyf dae, was die kwelling weer terug op hom. Sien? Want, in die Teenwoordigheid van die Heilige Gees, het Dit dit van hom afgeneem. Net soos Dit hierdie jong vrou gemaak het 'n ruk gelede hier op die werf, die jongman gisteraand, sien. Maar daar moet 'n diepe opregtheid wees om te weet dat die God wat dit nou kan wegneem van jou af, met daardie selfde salwing op jou, dit van jou af kan weghou. Sien? En toe het die Heilige Gees een oggend met my gepraat, omtrent dagbreek, en gesê: "Kom op die platvorm of êrens, en bring die mense daarheen en laat hulle bely alles wat hulle gedoen het, voor jy vir hulle bid." Sien? Die diepte van opregtheid!

74 Tensy die wêreld bekeer, moet dit vergaan. Sien? En belydenis is wat die wêreld vandag nodig het, is opregte belydenis.

75 Dis soos medisyne vir siekte. Ons kan almal op die bottel lees watter soort medisyne dit is en watter siekte dit—dit moet genees. Maar, julle weet, die lees die voorskrifte, ek gaan dit toepas soos op die Bybel, ons skole en seminariums kan die hele Woord lees. Maar, julle weet, net die lees van die voorskrifte en hoe om dit te neem, dit—dit genees nie die siekte nie. Sien? Dit—dit het die medisyne, so dit moet ingeneem word! So 'n man kan sê: "Ek is 'n—'n teoloog. Nou, moenie met my praat nie, ek—ek—ek . . . oor

so-en-so nie, ek ken die Skrifte. Ek—ek weet dat die Bybel sê dit en dat, *daardie*."

76 "Hy wat My Woord hoor," Johannes 5:24, byvoorbeeld. "Hy wat My Woorde hoor en glo in Hom wat My gestuur het, het Ewige Lewe." Of, King James stel dit "ewigdurende," wat na regte "Ewige" is. "Het Ewige Lewe omdat hy geglo het." Baie mense sê hulle glo. Nou, dit is waar. Die—die—die Skrif is korrek. Ek—ek lees die—die—die Voorskrif, ek lees wat die Voorskrif is, en die Teenmiddel vir my sonde, maar kan ek Dit vat? Kan ek glo? Ek kan sê: "Ek glo," maar glo ek wel? Dis die volgende ding. Bloot Dit lees en die voorskrifte ken, genees nie die siekte nie. Die probleem is dat (in ons geval) ons nie wil vat wat die Geneesmiddel sê doen nie. Ons het die Geneesmiddel, maar ons wil Dit nie vat nie. Ons sê ons doen dit, omdat ons Dit kan lees; maar om Dit werklik in te neem, ons doen dit nie. Sien, die Evangelie is net so, 'n medisyne, in hierdie geval. As die pasiënt. . . En die geneesmiddel is bewys om die pasiënt te genees, en die pasiënt lees alles oor die—die ontdekking van hierdie middel, en hulle weet van elke ons medisyne wat daarin is, hulle ken al die—die wetenskaplike se name wat in die hierdie sekere middel gevind word, soos die Salk-entstof ensovoorts. As ons—as ons al die Woord Daaroor ken, maar weier om Dit te vat, sal Dit ons nie help nie. Sien, Dit—Dit sal ons nie help nie.

77 Maar, en dan hoe sê ons: "Maar ons het dit gevat!" En as jy sê jy het dit gevat, en die pasiënt toon geen resultate nie, het hy dit nie gevat nie. Dis al. Hoe, as daardie horlosie teen die muur nie so 'n inmenger was nie, sien. Ek sou graag hier wou bly en werklik sterk tuisbring vir ons—ons mense, omdat die Evangelie hierdie dinge bewys het, en hulle sê hulle het Dit gevat, en hulle toon dat hulle Dit nie vat nie! Hoe kan 'n persoon die Skrifte lees oor die dingetjie waaroor ek praat, oor die vroue met die kortgeknipte hare en wat kortbroek dra, ensovoorts soos dit; hoe kan hulle hulleself Christene noem, wanneer die einste Medisyne Self sê dat dit anders is! Sien? Hoe? Jy sê: "Maar ek het in die Gees gedans, ek het in tale gespreek." Dit beteken nie een ding nie. Jou eie lewe bewys dat jy Dit nie gevat het nie! Sien? Jy het gesê jy—jy het Dit gevat, maar jy het nie! Want, jy toon nog al die simptome wat die Medisyne veronderstel is om te genees. En die Medisyne, in die Evangelie lyn, is 'n gewaarborgde genesing! Dit moet wees. Nou, julle sien, jy moet resultate toon.

78 Jy vat 'n persoon wat sê hulle is: "Ek is. Ek's 'n gelowige. Ek glo." Laat die Evangelie Lig hulle tref, broer, hulle vat Dit net daar! En hulle sal resultate toon. Sekerlik. Jy sal nie daardie man meer in enige dobbelkamers sien nie, jy sal hom nie hierbuite met 'n sigaret in sy hand sien nie, jy sal hom nie sien drink nie. O, nee. Jy sal hom nie met ander vroue sien flankeer nie. Nee, nee, nee. Ek gee nie om hoe erg hulle hulle vroulike vlees voor hom gooi nie, hy sal sy kop na die hemele draai en na Christus toe kyk.

Wat is? Dit toon dat die Geneesmiddel 'n effek het. En as Dit nie uitwerking het nie, jy sê: "Wel, ek weet ek het Dit geneem," wel, waarby is jy dan vandag? Jy sterf. Jy wys! Ek kyk na jou om jou geval te diagnoseer deur die—deur die Bybel, dat jy steeds in sonde is. En die loon van die sonde is die dood. Dink nie dit hoef enigsins duideliker gemaak te word nie. Sien, jou eie dade bewys, jou eie dade bewys dat jy Dit nie geneem het nie. Jy het *gedink* jy het. Amen. Jy—jy kan dalk heel opreg gewees het om dit te doen, maar jy het dit nie gedoen nie! Want, as jy het, het God belowe Dit sou 'n effek hê op jou. En die ou sonde is steeds daar, die ou Adam se natuur vertoef steeds daar, die ou ongeloof. Tog probeer maak jy jou, voor jou medemens, sê: "Wel, ek's 'n gelowige. O, glorie aan God! Ja, ek's 'n gelowige." Maar, sien jy, Dit het jou niks gehelp nie.

79 Dalk was die pasiënt self nie eens voorbestem vir—vir die Medisyne nie. As dit was, sal Dit nooit enige effek hê nie. Dis reg. Sien julle?

80 Maar kyk na daardie onsedelike vroutjie toe die Lig haar tref, het daar iets gelê om na haar toestand om te sien. Sien? As ons glo en opreg bely, het hierdie Geneesmiddel van God se weg 'n uitwerking. God het 'n voorsiende weg vir hierdie dinge.

81 Nou, kyk, die mens sal gaan, sê: "Wel, ek het by die kerk aangesluit. Dit handel dit af vir my." Dit is nie God se voorsiende weg nie.

82 God se voorsiende weg is bekering, belydenis, en resultate vertoon; vrugte voortbring wat by bekering pas, opregtheid vertoon. As julle mense dit net sal doen vanmôre, vir wie gebid gaan word! En julle mense wat hierdie band hoor, oral oor die wêreld, en nadat hierdie band gespeel is en die prediker of die persoon wat dit speel in gemeentelike groepe buite in die oerwoude of waar julle ook al is, wat dit speel, eers julle belydenisse sal duidelik maak, en dan kom met niks in julle hart nie, behalwe geloof, en voor gebid word, daar's die Medisyne wat sal plaasvind.

83 Jesus het gesê: "Bekeer julle, elkeen van julle!" Ek bedoel Petrus het op die Pinksterdag: "Bekeer julle, en word gedoop in die Naam van Jesus Christus tot vergifnis van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang." Wanneer julle behoorlik bekeer en glo in die Here, en gedoop word in die Naam van Jesus Christus, maak jy van God 'n leuenaar as jy nie die Heilige Gees ontvang nie. As . . . Jesus het dit gesê, die laaste opdrag aan Sy Kerk: "Hierdie tekens sal hulle volg wat glo. As hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word." En jy sien daardie tekens volg 'n gelowige, en jy kom nader en daardie gelowige lê hande op jou, en iets vind nie plaas nie, dan is daar iets verkeerd met jou geloof. Sien? "Die gelowige!" het God 'n voorsiende weg belowe.

84 Ons probeer vertroosting vind deur te sê: "Ek hoef nie te luister nie." Nou, dis waar, jy hoef nie te luister nie.

85 Maar as jy tot Ewige Lewe voorbestem is, sal jy Daarna luister en sal jou Daarin verlustig. Dis jou Vertroosting. Dis die Ding waarna jy jou hele lewe verlang het. Dis—Dis daardie Pêrel, wat, jy—jy gereed is om alles voor te versaak. Sien? Jy wil Dit hê, omdat jy weet dis God se liefderyke sorg vir jou. Dis iets om die sonde-kwessie op te los, die ongeloof op te los, alles op te los, vir jou, as jy Dit wil hê. Dis hy wat regtig siek is en weet hy's siek, wat 'n geneesheer opsoek. Sien? Nie hy wat nie siek is nie, nie een nodig het nie, het Jesus gesê. Maar dis hulle wat siek is. As jy jou toestand kan besef, dan moet jy maak soos Hy gesê het doen. Dan moet dit gebeur, of God het iets gesê wat verkeerd was. Sien?

86 Soveel mense somtyds, genesingsdienste, jy begin nie van die bodem daarvan af nie. Jy moet 'n lewe gereinig kry, jy moet in kondisie wees, jy moet regtig sê: "Ja, ek glo Dit," en dit moet uit jou hart wees. Dan jy, hoef niemand jou soos 'n baba te behandel nie, te sê: "Nou, o, liewe broer, suster lief, jy behoort *dit* te doen, jy behoort *dat* te doen," nie. Is jy 'n gelowige, is daar niks wat Dit van jou kan wegneem nie. Ek gee nie om wat enigiemand anders sou sê nie, wat enige vertroosting, wat enige vertrooster, wat enige dokter, wat enige hospitaal, wat enige diagnose sou sê nie, jy glo dit steeds nie. Jy ken net Dit! Daar's geen nodigheid om enigiets anders Daaroor te sê nie, jy ken Dit. Nou, dis die egte ding.

87 Ons het soveel nabootsing in alle dinge. Dit moet so wees. Moenie sleg voel daaroor nie. Dit moet daar wees. Dit was altyd gewees en dit sal wees. Maar ek vertel julle vanmôre wat Waarheid en feite is. Ons is by die eindtyd. Ons moet hierdie ding neerlê by die Waarheid, sien, en dit laat weet wat die Waarheid is.

88 Nou vind ons dat mense nie God se weg daarvoor wil neem nie. Hulle wil, hulle. . . God het 'n voorsiende weg vir jou vertroosting. God het 'n weg voorsien vir al hierdie dinge. Maar mense wil Dit nie hê nie, mense gaan agter ander weë aan. En elke keer wat hulle dit op 'n ander manier doen, behalwe God se manier, bring hulle die toorn van God op hulle elke keer wat hulle dit doen. Goed.

89 En al hierdie dinge waarvan ek gepraat het, dit bring ons hierby, die wêreld, hulle almal wat agter ander wetenskaplike prestasies aangaan, agter kerk-prestasies aangaan, agter verskillende dinge aangaan, het ons gebring by die einde van die wêreld. Ons is by die einde. Daar's nie een hoop oor nie. Ons is sonder 'n hoop op oorlewing. Ons het nie eens een kans op oorlewing nie. Nou laat ek dit net afbreek net vir 'n paar minute, en dit net vir julle bewys.

90 En elkeen van julle, kry julle, as julle dit nie doen nie, behoort julle 'n mediese joernaal te kry, behoort julle die Reader's Digest ensovoorts te vat, waar jy hierdie prestasies lees. Nou om te maak . . .

91 'n Prediker hier stuur hierdie Boodskap rondom die wêreld. Om 'n stelling soos hierdie te maak, dat ons sonder hoop is, dat ons anderkant verlossing is, dat ons die grens tussen verlossing en oordeel oorgesteek het, moet ek nou die gemeente 'n paar gronde gee om hierdie stelling op te baseer. Daar moet 'n rede wees dat 'n man, as hy by sy volle verstand is, soos ek dink dat ek is, so 'n stelling sou maak, om sy nasie te vertel, om sy gemeente te vertel, om die mense te vertel waar dit om die wêreld sal gaan in dertig of veertig verskillende nasies, miskien, rondom die wêreld, en volke en tale, dat "ons by die eindtyd is," dit betaam ons om 'n verklaring te gee of—of—of 'n bietjie daarvan te verduidelik voor ons uitkom by ons hoofteks vir vanoggend.

92 Kyk, nou laat ons kyk waartoe wetenskap en geleerdheid ons gebring het, en dis die einste ding wat die mens aanvaar het in plaas van die Woord van God, 'n wetenskaplike goedkeuring. En wetenskap het altyd moes terugkom op wat hulle gesê het. Ek het hier gelees 'n ruk gelede waar 'n Franse wetenskaplike gesê het, omtrent tweehonderd jaar gelede, of driehonderd: "Rol 'n bal om die aarde," en het gesê: "as hierdie bal, teen hierdie spoed . . . As die wêreld ooit 'n soort van 'n iets uitvind wat hulle teen minstens dertig myl per uur sou laat beweeg, so-iets, om die wêreld," dat hy dit wetenskaplike bewys: "dat dit op sy gewig deur gravitasie van die aarde af opgelig sou word." Sien? Nou, dink julle wetenskap sou ooit na daardie vent terugverwys? Sekerlik nie. Dis in die verlede, vir hulle.

93 Nou, laat ons nou net dink, ons wil almal sê: "Ek wil dit wetenskaplik bewys." Dis wat 'n klomp denominasies van godsdienstige mense vandag sê. Hulle wil 'n wetenskaplike bewys hê. Wel, ek sou reg kon omdraai en sê: "Bewys vir my wetenskaplik, God in julle gemeente. Bewys vir my enigiets, wetenskaplik, wat werklik is. Bewys . . . "

94 Wat is werklik? Lewe. Ek wil hê jy moet vir my vyf-en-twintig sent se waarde daarvan kry, of—of laat ek alles verkoop wat ek het, om daardie deel van lewe te kry. En is lewe werklik? As dit nie is nie, waarvoor is ons almal hier?

95 Lewe, geloof, liefde, vreugde, vrede, lankmoedigheid, sagtheid, nederigheid, geduld, wetenskap kan dit nie aanraak nie. En dis die enigste ware, blywende ding wat daar is. Die hele Christelike wapenrusting kyk na die onsienlike. Maar die sintuie verklaar daardie dinge nie, maar hulle is daar. Daarom vereis dit geloof om dit te glo, en dit bring in jou voort wat geloof verklaar is daar. Dit bring dit na jou toe, Goddelike genesing en goed. Hulle kan nie bewys wat genees Goddelik nie, maar hulle

weet daar is 'n Goddelike genesing. Ek . . . Hulle kan nie bewys wat van sonde red nie, maar hulle weet mense word gered van sonde. So dit kan nie wetenskaplik bewys word nie, maar dit is wetenskaplik in God se manier van daarna te kyk.

96 Nou, wat het wetenskap ons besorg? Nou, julle mag dalk vir 'n oomblik geskok wees. Wetenskap het vir ons siekte, dood en siektes gebring. Nou, julle is net een kant van die prentjie geleer. Maar daar is twee kante daaraan. Julle sê: "Wetenskap het *dit*, *dat*, en die *ander* uitgevind." Wel, ons gaan julle daardie voorreg toegee. Maar laat ons na die ander kant kyk. Wetenskap het vir ons siekte gebring. Wetenskap het vir ons siektes, dood gebring.

97 Kyk! Wetenskaplike basterteelt het dood na die generasie gebring, van voedsels en dinge. Dit het die mense so sag laat raak en so, totdat die—die manne en vroue opgemaak is uit 'n klomp gemors, en daar's geen—daar's geen—daar's geen struktuur daarin nie. Dit het 'n klomp sagte jellievisse geword. Hulle kan nie sonder 'n lugversorger lewe nie, hulle vergaan. Hulle kan nie 'n bofbalwedstryd speel nie, as een van hulle êrens getik word, maak dit hom dood, in die bokskryte en wat nog. En dis so sag totdat mans en vroue, wel, dit verderf hulle.

98 En hulle spuit hierdie gehibriduseerde in beeste in wat nou in die mensdom in teruggekom het, volgens die wetenskap self, en perversies wat hulle aan die maak is. Omdat, wanneer 'n—'n koei hibried is, of enige voedsel hibried is, daardie voedsel maak bloedsel, en bloedsel is jou lewe. Sien wat dit gedoen het? En dan, in die vleis in, hulle spuit hierdie inspuitings in die vleis in, en nou is dit bewys dat hierdie inspuitings uitwerking het op die menslike ras. Wetenskaplik!

99 Hulle bespuit die lande met hierdie DDT, het ek nou die dag gesien, en nou het ons agthonderd siek mense in hierdie gemeenskap van eiers te eet. Onthou julle jare gelede toe ek eers, toe ons hierdie klein ou struktuurtjie hier gehad het, en ek geprofeteer het, en gesê het: "Dit sal vervul word in die laaste dae, moenie in 'n vallei woon en moenie eiers eet nie." Ek het dit in my boek. Ek het gedink daar was iets daaroor, en ek het gegaan en daarna gekyk. "Moenie eiers eet nie." Dit was ver terug in 1933. Eiers het nou iets in hulle, en ek sien waar wetenskap sê dat 'n man oor vyftig jaar oud, behoort nooit 'n eier te eet nie, omdat dit die swaarste ding op 'n hart is wat geëet kan word. Siektes!

100 Melk, dit was altyd ons mees gebalanseerde diëet was melk. Die dokters sal vir jou sê: "Bly weg daarvan af." Dit veroorsaak sinusitis en alles anders. Dis dieselfde menslike wese wat dit altyd gedrink het en vir jare geleef en nooit sinusitis geken het nie, maar die inteelt ensovoorts het die struktuur van die menslike wese afgebreek totdat dit niks as maar net 'n

klomp gemors is nie, 'n bol—'n bol siektes. Wat het dit gedoen? Wetenskap!

101 Kyk! Dit veroorsaak die gene tussen die—die man en die vrou om te verswak, die fisiese swakheid van die menslike wese, deur die gene, en die toename in spastiese kinders is omtrent dertig persent. Mongolisme is op die groot styging. En hierdie swakheid van inteelt van die voedsels wat ons eet vir lewe, verswak die liggaam, wat kanker veroorsaak, verstandelike probleme, en allerhande soorte siektes tree in op die menslike liggaam vanweë sy swakheid. Wetenskaplik, vernietig hulleself, dwaal af van God se plan.

Hy het gesê: "Laat elke saad voortbring van sy soort." Um-hum.

102 Sien waarby ons is? Ek sou kon voortgaan en voortgaan; ons tyd loop uit. Maar, let op, wat doen dit? Wetenskap het dood, siekte, en vernietiging gebring.

103 En ek het nou die dag gesien, ek was aan die gesels met my ou vriend, Doktor Vayle wat hier sit, dat waar daar 'n artikel is dat mense doodgemaak word deur penisillien. Dit is nie regtig die penisillien nie, dis die vuilgoed wat hulle daarin laat kom wanneer hulle die penisillien vervaardig. Dis 'n geldmaak-, hebsugskema. Dokters gee dit somtyds wat nie eens die formule vir 'n aspirien ken nie, en hulle vader stuur hulle weg om 'n—'n spesialis in een of ander iets te word, en weet nie eens hoe om 'n maagpyn vir 'n kind te genees nie. Maar wat het ons gekry? Hebsug, een of ander neiging, of 'n tikkie iets. Hulle het nie kwalik nog enige van die outydse plattelandse dokter wat altyd daar kom praat het met jou en jou vertroos en alles doen nie. Hulle laat God reg uit die prentjie uit, omdat hulle op hulle eie weg gegaan het. Ten einde God uit die prentjie uit te kry, het hulle Hom totaal weg verduidelik. Daar is ons.

104 Dis wat ons gedoen het deur kruisteelt. Julle sien, die liggaam. . .Wat maak 'n gesonde plant, 'n kiem kan kwalik daarby uitkom. Dis hierdie warmbed plante, hierdie basterplante wat jy die heeltyd moet bespuit. En baie van julle het my boodskap gelees oor *Bastergodsdiens*, hou dit bespuit en gepiep en—ensovoorts. Let op, maar die ware egte plant hoef nie bespuit te word nie, hy's die oorspronklike.

105 Wat laat siekte na die menslike liggaam kom? Is die liggaam. . .Soos ek vertel word deur 'n kosbare doktersvriend van my, van wie ek nie juis nou sy naam wil noem nie, maar hy's 'n baie goeie broer, het vir my gelees uit 'n mediese joernaal, 'n boek in sy kantoor waar hy al hierdie mooi boeke hou en die jongste goed oor medisyne. Dit is swakheid. Jy let iemand op wat werklik. . .Jy sê jou liggaam is afgetakel, jy kry baie gou 'n verkoue. Wat is dit? Dis die swakheid van jou liggaam wat 'n slym uit jou kliere produseer. En, daarin, bed die verkouekiem

hom en jy het 'n verkoue. Maar as daardie liggaam sterk was, sou dit daardie verkouekiem afskud, dit sou dit nie kon raak nie.

106 So, julle sien, toe God in die eerste plek 'n mens saamgestel het, was hy immuun teen enige siekte. Sien? Maar ongeloof en wetenskap, wetenskap en geleerdheid was die eerste ding wat 'n mens van God af weggeneem het, en dit neem hom steeds.

107 Kyk net wat sigarette en drinkery, en hierdie ontkleedanse ensovoorts, gedoen het aan die agteruitgang van hierdie geslag. Ek skat julle wonder altyd . . . Ek gaan hier 'n stelling maak. Ek wou dit nie doen nie, maar ek dink ek sal.

108 Sien, hulle wonder partymaal, hulle sê my altyd: "Broer Branham, wat—wat maak dat jy altyd op sulke dinge pik? Jy hoor dit nie . . . Sê jy gaan na 'n man se kerk toe, wel, ek kan my vroumense vat en hulle kan nie eens in gemak sit waar jy praat nie. Jy trap hulle altyd uit, wel, oor hulle kort hare, en oor klere dra bedoel vir mans, en al hierdie dinge soos daardie. Sê, waarom doen jy dit?" Nou, ek—ek—ek's . . .

109 Hierdie mag my laaste Boodskap wees tot volgende somer, julle weet, maar ek wil julle vertel. Hier is dit. Dis die Gees van onderskeiding vir hierdie laaste dae, wat weet dat dit 'n vervloekte ding voor God is. Ek wonder net partykeer of 'n prediker enige onderskeiding van die laaste dae het? Die einste God wat hier op die platvorm jou toestand vertel, en wat jy gedoen het, en—en wat jy gaan wees, en—en watter probleme jy het, daardie selfde Gees binne-in jou, kyk uit en kan die tekens van tyd onderskei, en kan Dit nie weerhou van uit te roep nie. Dis die Gees van onderskeiding, want die Heilige Gees Self sê daardie ding is sonde, en wie ook al daaraan deel het, sal vergaan. En hoe kan ek dan geregverdig word in die oë van God, en my susters en my broers in daardie soort toestand sien, as ek nie daarteen uitroep nie? Selfs al word hulle kwaad vir my, moet ek steeds daarteen uitroep. Dis onderskeiding. Somtyds verskil hulle in die Woord ensovoorts, en dis gebrek aan onderskeiding. Kom kry dit onder oë volgens die Woord. Sien? Sien, ons—ons weet dis reg. Wel, dis, dis weet dis die waarheid. Dis die onderskeiding van die laaste dae.

110 Nou ons sien oor wetenskap, ek—ek wil nie nog verder daarop ingaan nie, my tyd raak net so aan die verloop. Nou laat ons 'n tweede blik werp op geleerdheid en kyk wat dit gedoen het. Sien? Nou ons het twee kerke op grootskaal.

111 Nou, ons besef dat dit was, dat dit rede was, gewone redenasies wat die bal van sonde aan die rol gesit het in die eerste plek. Dit was redenasies wat? Redenasie teen die Woord van God. Toe God vir Adam en Eva gesê het: "Die dag dat julle daarvan eet, daardie dag sterf julle." Dit besleg, dis al daaraan is. En Hy het hulle versterk teen die vyand, agter Sy Woord. Maar toe Eva, geluister het na Satan se redenasies, sien, kultuur, insig,

geleerdheid, ontwikkeling, sien, het sy daaragter uitgestap en geluister na Satan se redenasies, en die ding gedoen wat God gesê het "moenie doen nie." En as een wat redeneer, luister na een wat redeneer teen die Woord al hierdie chaos veroorsaak het, sal een wat weer teen die Woord redeneer jou nie terugneem na dieselfde plek nie, want hoe dwaas sou dit nie van God wees om die mens terug te bring op dieselfde basis waarop Hy hom uitgestuur het nie. Sien? Sien? Jy moet by die gestorte Bloed van Christus kom. Jou denominasie sal nie werk nie, en jou redenasies sal nie werk nie. Dis die Bloed en geboorte, en Dit bring in jou 'n nuwe skepsel voort, Christus, en na die aard van Christus leef jy, omdat die Toksiene wat jy neem, toon Dit maak die sonde van ongeloof dood, teen enigiets behalwe die Woord van God.

112 Geleerdheid gee ons . . . daar . . . Ons het twee kerke byderhand vanmôre. Een van hulle is die Kerk van Pinkster wat georganiseer is by Pinkster deur die Heilige Gees; die tweede is die kerk van die Rooms Katoliek wat georganiseer is in Nicaea, Rome. Een van hulle is 'n geestelike geboorte; die ander een is 'n intellektuele lidmaatskap. Uit daardie kerk kom alle Protestante, kom alle denominasies. Dit was die eerste denominasie. Alle denominasies kom vanuit daardie een, en is verwant aan daardie een, Openbaring 17 sê so: "Sy was 'n hoer en sy was die moeder van ontugtiges." Dis reg. So daar's geen . . . Pot kan die ketel nie verwyt nie, sien, want dis—dis reg, dis net een. Dis georganiseerd, dis weg, dis in Rome. Ek gee nie om wat dit is nie, dis heen! Die Bybel, ons het pas deur daardie kerkeeue gekom, om dit te bewys. Een is gebaseer op geestelike onderskeiding; die ander een is gebaseer op opvoedkundige en intellektuele konsepsie.

113 Nou, dit plaas ons weer reg terug in die Tuin van Eden, reg terug by dieselfde plek. Die vrou (kerk) was die een wat geluister het, nie Adam nie, die vrou! Nou wil hulle moederkerk wees, gaan voort! Dis presies reg. Daar's niks uit die pas uit nie. Hulle maak hulle eie belydenis, sien. Sien, reg terug na dieselfde ding, om die Woord van God nie te glo nie! By Nicaea, Rome, toe die kwessie opkom oor waterdoop, oor ander dinge van daardie aard, en oor die doop van die Heilige Gees, het die—die biskoppe almal saam georganiseer wat genoem was die Rooms Katolieke kerk, wat 'n "koninklike Rooms was, is dit genoem. Pas klaargemaak met die geskiedenis te neem gister, en daarna te luister, weer daarna te kyk. En dit was slegs vir Rome alleen bedoel, in Rome was die koninklike kerk. Ander was maar net suster kerkies daarvan, bloot Katoliek genoem.

114 Ons Kerk is ook die katolieke, universele Kerk, wat 'n—'n universele geloof is van alle gelowiges. Een van hulle is gebore van die Gees van God en het die Heilige Gees Daarin, en dit bewys deur sy Lewe, Doktrine en aksie, dat die Heilige Gees daarbinne is, omdat Dit die Vertrooster is wat Christus—Christus

belowe het, werksaam in Sy kerk, doen dieselfde ding wat Hy aan die begin gedoen het. Dis hoe die Toksiene van Christus se verlossing in die begin gewerk het, dis die manier waarop Dit vandag werk, bring dieselfde ding voort.

115 Die ander een is 'n intellektuele konsepsie van 'n denominasie opgemaak deur 'n groep manne, wat 'n "vorm van godsaligheid" het, soos die profeet ons gesê het, "en hierdie Waarheid van Krag ontken het." Nou, dis net so duidelik as wat ek weet om dit te maak.

116 Nou, daar is die twee kerke. Een van hulle is by Nicaea gebore; en die ander een is by Pinkster gebore. En—en een was altyd teen die ander gewees. Ons het deur die kerkeeue gekom om dit te bewys, een is teen die ander. Een van hulle is 'n mooi, waardige, intellektuele kerk met goeie geleerdes ensovoorts; die ander word geklassifiseer as 'n "klomp holy-rollers." Dit was aan die begin: "dronk, ongeletterde vissermanne," en dis dieselfde ding vandag, dis steeds geklassifiseer in dieselfde kategorie. Een van hulle is wetenskaplik; die ander een is geestelik. Een is wetenskaplike rangskikking; die ander een is geestelike onderskeiding van die Woord. Een is wetenskaplik georden, wat groepe manne sê, intellektuele biskop. Die ander een is absoluut gebore van die Gees van God, en leef deur die Gees van God, en dit verrig en laat vervul word die Woorde wat God belowe het. Toon watter toksiene jy inneem. Het julle geleerdheidstoksiene? Het julle die Heilige Gees Toksiene? Sien? Goed.

117 O, daardie subtiliteit van Satan! Hoe kan hy nie daardie prentjie skilder nie, en intellektueel kan 'n man wat nie van die Gees van God gebore is nie sommer in die rondte en rondte laat draai! En daar's geen manier, intellektueel, om hulle daarmee af te sit nie. Daar's nie ń manier nie.

118 Dit is 'n onderskeiding deur geloof, sien, 'n onderskeiding. Ons sien wat die Woord sê, ons glo dit.

119 "Dan, Broer Branham, hulle sê hulle het die onderskeiding." Laat die Heilige Gees dan presies voortbring wat Hy belowe het om voort te bring, dan sal ons dit glo. Sien? Daar's die bewys Daarvan.

120 Hoe het die Toksien opgetree toe Dit die persoon tref? "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg," het Hy gesê. As die Toksiene dit getref het, dan is dit in orde. Sien? So hulle bring ons . . .

121 Dit bring ons nou, ter afsluiting, vir die volgende paar minute, so dit bring ons van Abel en Kain, na die oordeel van Noag se tyd, van daardie einste na vore kom van die dae van Noag. Nou, voor ons die gebedsry het, luister mooi terwyl ek hier deur 'n paar Skrifte gaan in 'n klein—'n klein teksie.

122 Ons vind dat nadat die wêreld sy intellektuele konsepsie van die Woord geneem het, het daardie manne groot manne

geword, beroemde manne. Die Bybel sê so, Génesis 6:4. Beroemde manne loop agter regtig mooi vroue en dinge aan, soos ons die hele wêreld gehad het. Pas daardeur gegaan met *Die Flitsende Rooiligte*, ons het gepraat nou die aand hoe die vroue mooier sou wees in die laaste dae, hoe manne, beroemde manne, soos die skandaal in Engeland en Verenigde State. En dit sal steeds ontdek word een van hierdie dae. Sien, jy weet net nie waaroor al hierdie foonsnolle en alles anders als gaan nie. Sien? Weet julle daar's drie-tot-een kroegmeisie as wat daar hoërskool- of kollegemeisie is? Drie-tot-een kroegmeisies as hoërskool- en kollegemeisie. Weet julle, 'n sekere persentasie, ek kan dit nou nie noem nie, want dit is nie voor my nie, ek het dit nooit neergeskryf nie, maar byna 'n derde van die hoërskoolkinders oor die nasie is of bewese onsedelik of moes huis toe gaan om moeders te word? Weet julle dat penisillien neem om veneriese siekte te bekamp het, slegs 'n korrupsie onder die mense laat intree, wat, daardie ding nie dood is nie? Maar tog, sien, God het gesê dit sou besoek tot die vierde geslag. Dit veroorsaak Mongolisme en alles anders, en kinders is . . . O, hoe sonde, hoe subtiel is dit nie! Hoe daardie mense, daardie predikers sal staan en nie preek teen daardie ontkleedans op die straat nie, en laat hulle in die koor sing, en al sulke dinge, en sien dat dit die einste ding is, wat ons nasie hel toe gestuur het, ons ras hel toe gestuur het. Dis reg. So nou vind ons dat nadat God genoeg gehad het daarvan, soos ek glo Hy vandag het . . .

123 Nou kom ek by my teks. Ek het 'n snaakse manier van te bring 'n . . . Ek hou daarvan om 'n klomp dinge op te bou en dan my teks te tref. Nou, ons vind dat in die dae van Noag, toe God die wêreld sou gaan oordeel, toe dit geraak het net soos dit nou is, want Jesus het gesê dit was, het Hy omgegee? Het Hy omgegee? Hy, sekerlik het Hy omgegee. Hy het omgegee waarvoor? Nou, nadat Hy alreeds geweet het oordeel kom, en oordeel uitgespreek het, het Hy omgegee vir hulle wat omgegee het. En dis dieselfde as wat dit vandag is. Hy het omgegee vir hulle wat gewillig was om om te gee. En ons vind dat Hy vir hulle 'n profeet gestuur het om hulle te rig, om Sy uitverkore mense te rig op hulle voorsiene weg vir hulle ontsnapping. Hy's dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Sien? Ons vind dat God omgegee het vir Sy mense. [Leë kol op band—Red.]

124 Ons is by die einde, en ons sien ons is by die einde! Daar's net geen manier om op daardie korrupsie te bou nie. Hoe kan ons 'n stad bou op die verkoolde ruïnes van 'n Sodom en Gomorra? Hoe kan ons dit doen? Daar's slegs een feniks oor, en dis die koms van die Here Jesus; o, goeiste, 'n reiniging deur die Verdrukkingsperiode, om 'n herstel van die wêreld terug te bring, vir 'n volk wat regverdig is in die oë van God en leef volgens Sy Woord.

125 Let op, Hy het omgegee vir hulle wat omgegee het om te ontsnap in die dae van Noag, en Hy het vir hulle 'n profeet

gestuur. En hierdie profeet het hulle gerig op God se voorsiende weg. Nou, dis God se manier van ding doen. Sien? God het tot Noag gespreek, wat die Woord was (dit was nie die geskrewe Woord toe nie), en het Noag aangesê om 'n ark voor te berei vir die redding van die mense, en om al die mense te waarsku dat Hy "een weg van verlossing" gehad het. En hierdie man was 'n bevestigde profeet wat vir hulle die weg van ontsnapping bewys het. Let op, die nederige en opregte het hierdie man gehoor en hom geglo, en hulle het ontsnap. Hulle het wat ontsnap? Die dood van die wêreld van sonde wat vernietig is in daardie dag, hulle het die doodsroete ontsnap wat op die hele wêreld gelê het. God het so omgegee! (O God, help dit om so diep in te sink nou, voor die gebedsry.) God het omgegee!

126 Hy kyk nou vandag na die wêreld, en Hy het geroep en Hy het geroep, en hulle het versmaai en weggewys. Daar was 'n kans op bekering aan die begin. Toe God Jesaja aangesê het om heen te gaan en te plaas. . . Hiskia te sê hy gaan sterf, het Hiskia hom bekeer en daar was genade. Toe God Jona aangese het om na Nineve te gaan en uit te roep, want binne veertig dae sou Hy die stad vernietig, het hulle uitgeroep om genade en daar was bekering. Maar toe hulle dit verwerp het, is daar niks oor behalwe oordeel nie! En die nasie het Christus verwerp. Hulle het gefaal om gehoor te gee aan die oproep, so daar's niks oor behalwe ons staar oordeel in die gesig nie.

127 Nou, gee God wel om vir hulle wat hulle bekeer het? Het Hy 'n weg vir hulle berei? Nou gaan ons kyk wat Hy in die ou tye gedoen het.

128 Noag se tyd, het Hy omgegee! Hy het die profeet gestuur, en Hy—Hy het die weg gebring en Hy het hulle die weg gewys, en Hy het vir hulle 'n uitweg berei en hulle het aan die oordeel ontsnap. Hy het ook na hulle omgesien. Ons vind uit dat Hy hulle bring na 'n plek waar Hy, in die laaste dae, na waar (van alles) voor die groot oordeel kom, het Hy so vir hulle gesorg dat Hy 'n weg berei het dat hulle daarin kon kom en vry sou wees van al die oordele wat sou kom.

129 Nou, Hy het dit gedoen aan die—die Uitverkorenes. Nou, ons weet dit. Hy het dit gedoen vir die Uitverkorenes, slegs vir die Uitverkorenes, nou! Hulle was die een wat hierdie kiem van Lewe aanvaar het. Hulle was die een wat voorbestem was om dit te sien. Hulle was die een. Ons almal, as ons die Bybel glo, moet ons in voorbestemming glo. Sien? Dis reg. Nie dat God wil dat enigeen sal ly nie, maar Hy het geweet wie Dit sou ontvang en wie nie sou nie.

130 Hy het ook omgegee vir Sy uitverkore volk in die dae van die vernietiging van Egipte. Hulle was daaronder in Egipte en het slawe geword. Die dae van Moses het Hy gesorg vir die mense. Hy het hulle wat gestuur? 'n Profeet, weereens. Is dit reg? En

Hy het Sy mense afgesonder van die ongelowige wêreld, van die komende oordeel van daardie dag. Het Hy dit gedoen? Hy het omgegee toe Egipte hulle sondes so hoog opgehoop het totdat God oordeel moes stuur, omdat Hy alreeds vir Abraham gesê het: "En Ek sal met daardie nasie handel." So in plaas van Sy oordeel uit te stort op hulle almal, het Hy Sy sorg na hulle gestuur. Hy het Sy Vertrooster na hulle gestuur. Hy het Sy Woord na hulle gestuur. En Hy stuur altyd Sy Woord deur Sy profeet, soos Hy in Noag se tyd gemaak het. Hy het dieselfde ding gedoen in die dae van Noag. In die dae van Elí-. . . van Moses, vind ons uit, het Hy dieselfde ding gedoen. Hy het hulle Sy profeet gestuur, en hulle het hulle afgesonder van ongeloof. Nou, dis die soort wat uitgekom het. Dis die soort wat Dit geglo het. Hulle het Moses geglo, dat hy was 'n. . . In die oë van Farao, was hy 'n fanatikus, was hy 'n towenaar, was hy 'n skynheilige, was hy iets verskrikliks. Maar vir die mense wat uitverkore was, wat uitgekom het in ooreenstemming met God se Woord, ("Ek sal hulle uitbring") vir hulle was hy 'n profeet. Hy was God se voorsiene weg. En hy ook. . . Let op, hulle het hom geglo en het ontsnap aan die oordeel van daardie dag. Hulle het Moses geglo.

131 En Hy het gesê Hy sorg ook vir hulle om hulle uit te bring, en Hy het vir hulle gesorg op die reis nadat hulle uitgekom het. Amen. Soos dit in die fisiese was, is hierdie in die geestelike sfeer. Hy het gesorg! Waarom? Hy het alles voorsien waaraan hulle behoefte gehad het op die reis. Het Hy? Hy het hulle genees toe hulle siek was. Hy het genesing voorsien. Hy het 'n weg voorsien vir hulle siekte. Hy het 'n—'n koperslang voorsien, dat hulle kan opkyk na daardie koperslang, 'n simbool van sonde, en genees raak. Hy het hulle gevoed terwyl hulle onderweg was, waar daar geen brood was nie, het Hy brood uit die Hemel laat reën. Hy het hulle gevoed. Nie alleen dit nie, maar Hy het hulle geklee, getoon Hy gee om vir hulle wat omgee.

132 As hulle gereed is om te bely en hulle te bekeer en te glo en aanvaar, God gee om! Maar jy moet eerste omgee, jy moet aanvaar wat Hy vir jou gestuur het. Hy het so omgegee vir hulle, dat hulle seker sou wees dat daar geen fout sal wees nie, Hy het Sy profeet bevestig deur 'n teken van 'n Vuurkolom, om die mense te laat sien dat dit nie net hierdie man was wat hierlangs wandel nie, dat dit God reg bokant hom was, Hy was die Een wat die pad aangedui het. God gee om vir mense wat omgee. God gee om vir mense wat vir Hom omgee. So Hy het hierdie man bevestig en het bewys dat hy God se dienskneg was, deur hulle 'n Vuurkolom te stuur om hulle te lei na die einste land. En hulle het geweet solank as hierdie teken van hierdie Vuur, 'n Kolom van Wolk en Vuur, hulle gevolg het. . . Hy het gesê Hy "het die Vuurkolom en Wolkkolom nie weggeneem nie." Hy was vir jare en jare met hulle in die wildernis, veertig jaar. Is dit reg? Daardie Vuurkolom het hulle gelei! Ons is in ons drie-

en-dertigste jaar, kort sewe jaar langer sou dit dieselfde tipeer. Goed, 'n Vuurkolom het hulle gelei. Hy het omgegee vir hulle. En Hy het soveel vir hulle omgegee dat Hy hulle sommer laat weet het dat—dat dit nie een of ander wetenskaplike ding was nie, dit was nie een of ander glips nie, maar Hy het die Boodskap bevestig, bewys Dit.

133 Hy het so omgegee, selfs vir 'n vrou wat 'n buitestaander was, nie 'n Israeliet nie. Sy het nie aan die groep behoort nie, maar sy was 'n buitestaander, Presbiteriaan, Metodis, of iets, sy was aan die ander kant. Maar toe sy gehoor het! Haar naam was Ragab, sy het gelewe . . . sy was 'n prostituut. Maar toe sy gehoor het hoe God in 'n Vuurkolom was en hulle gelei het, het sy gesê laat . . . uitgeroep tot God, en sy het genade bewys aan die spioene wat die land kom bespied het. En omdat sy omgegee het vir haar en haar mense, het God vir haar omgegee. Tot so 'n mate dat hierdie prostituut wat haar lewe sou gee aan Christus, aan die Saak, omdat sy die teken gesien het van 'n Bonatuurlike God, en sy het haar gode gedien reg in haar eie denominasie. Maar toe sy hierdie groot Bonatuurlike teken gesien het, het sy uitgeroep en om genade gevra, en om genade vir haar familie, en God het so omgegee vir haar, dat die hele stad ingestort het, een bo-op die ander, maar daar het nie een steen aan haar huis beweeg nie. Hy gee om! Hoewel sy 'n buitestaander was, sy nie op daardie tydstip in die groep was nie, maar Hy het gesorg. Hy sorg altyd.

Hy het omgesien na Elía toe hy, en hy alleen, omgegee het vir God.

134 Halleluja! Dis waarop dit neerkom. "Werp julle sorge op Hom, want Hy sorg vir julle." Petrus, gepraat met die gekose ouderlinge, die ouderlinge en hulle in die kerk, het hy gesê: "Plaas julle sorge op Hom, want Hy sorg vir julle. Plaas alles daar, want julle is rein voor God. Julle—julle wandel as diensknegte van God."

135 God het omgesien na Elía omdat Elía omgegee het vir God. Al die ander predikers het die visie van daardie dag verloor, het die wil van God verloor en die liefde vir Sy Woord, en dit het alles modern geraak. Maar maak nie saak hoe modern Isébel hulle gehad het nie, die eerste dame van die land, maak nie saak hoeveel daardie ander predikers daardie vroue laat optree en doen nie. Elía het uitgeroep daarteen, in die Naam van die Here. Hy het omgegee vir wat God gesê het, en toe het God omgegee vir wat Elía gesê het, omdat hy die Woord van God gespreek het. God gee om wanneer jy omgee, maar jy moet eerste omgee. Ja.

136 Let op, Hy het gesorg toe Hy Elía geroep het, deur Sy Woord, uit onder die denominasies uit. Het gelyk asof hy van honger sou doodgaan, omdat daar geen tiendes en offerhande na hom sou kom nie. Maar Hy het so omgegee vir Elía, Hy het hom nie laat honger ly gedurende die tyd wat hy die Woord van God

gehoorsaam het nie. Hy het die kraaie opdrag gegee om hom te voed. Hy het omgesien na Elía, omdat Elía omgegee het vir Hom, en Hy is die Woord.

137 Hy het omgesien na Daniël, toe Daniël genoeg omgegee het vir God se Woord om opreg te bid. Maak nie saak wat die koning gesê het: "Ek wil niks meer daarvan gedoen hê nie," Elía het net die luike oopgegooi en na Jerusalem toe gekyk en gebid. Elía het omgegee vir God, en—en God het omgesien na Elía. Daniël het omgegee vir God se Woord, en God het omgesien na Elía. Hy het 'n Vuurkolom gestuur wat daardie leeu van hom af verskrik het en die hele nag lank daar gebly het. God het gesorg omdat Daniël omgegee het. Ja, meneer. Het opreg gebid, geweet dat dit gaan beteken gewerp word in die leeukuil as hy die denominasionele opdragte nie gehoorsaam nie. Maar hy het neergekniel by die venster, nie gevrees wat die mens gesê het nie. Hy het die vensters oopgegooi, omdat dit 'n opdrag van God was, en hy het opreg en eerlik elke dag tot sy God gebid. Hy het omgegee vir God en Sy gebod, en God het omgedraai en omgegee vir Daniël en sy opdrag, sy standpunt. Daniël het omgegee vir God en Sy Woord, en God het omgegee vir Daniël en sy standpunt vir die Woord. Hy sal dit elke keer doen. Amen.

138 Hy het gesorg vir die Hebreeuse kinders toe hulle opreg gerespekteer het en omgegee het vir die geloof wat eenmaal aan hulle oorgelewer was, die Woord van God. Hy het so omgegee vir hulle dat, toe hulle daardie basuin geblaas het. . . Hulle het 'n gebod van God gehad: "Moenie buig voor enige heidense god, enige standbeelde nie. Moenie buig en moet hulle nie aanbid nie." Dit was die gebod. En toe hulle die basuin laat weerklink het en gesê het "ons sal in die oond gooi hulle wat dit nie doen nie," het hulle so omgegee dat hulle hulle rug op die standbeeld gekeer het. Dis reg. God het so omgegee vir hulle, dat toe die hitte aankom, Hy die vierde Man daarheen gestuur het in die vuuroond, en hulle koel gehou het. Hy het omgesien, omdat hulle omgegee het.

139 As jy wil vashou aan een of ander geloofsbelydenis, gee God nie om wat jy doen nie. As jy dit wil doen, sal Hy nooit na jou omsien nie, omdat jy doen wat die mens gesê het. Maar as jy sal vashou aan God se Woord, jou ware opregte belydenis en glo God is 'n Geneser, dieselfde gister, vandag, en vir altyd, sal Hy omsien na jou.

140 Hy het toe omgegee, Hy het na die Hebreeuse kinders omgesien, en Hy het vir hulle die vierdie Man gestuur om hulle te verlos, wat Christus was. Ons weet dit.

141 Toe die melaatse uitgeroep het: "Here!" Tien melaatses het uitgekom en opreg geroep: "Here, wees ons genadig!" Hulle het genoeg gehad om te sorg vir hulle eie behoeftes, Hy het 'n krag gehad om na hulle om te sien. Hy het omgegee vir die melaatse

omdat die melaatse omgegee het om hulle belydenis te maak, noem Hom "Here!"

142 Hy was besorg, toe die hoofman oor honderd besorg genoeg oor homself was om na Jesus om hulp te stuur. Toe die hoofman pro-. . . deur sy geloof getoon het, sy afgode van Rome afgesê het, en genoeg omgegee het (deur publieke getuienis) om na Hom te stuur om sy seun te kom genees, het Jesus genoeg omgegee om hom te gaan genees. Hy gee om wanneer jy omgee. Jy moet, egter, eerste omgee. Hy het omgegee.

143 Hy het omgegee toe Jaïrus genoeg omgegee het oor Jesus. Hy was 'n geheime gelowige. Hy het geglo Hy was reg, maar vanweë sy denominasionele posisie, kon hy nie uitkom en dit erken nie, maar toe sy dogtertjie siek raak en sterf, het Jaïrus geweet, gekyk na die dood van sy dogter, of om uitdrukking aan sy omgee te gee, het hy genoeg omgegee om die ongelowiges wat hom omring het, af te sê, en het sy predikerhoedjie opgesit, en gegaan en Jesus gevind. Toe Jaïrus gewys het hy gee om, het Jesus gewys Hy gee genoeg om om te kom en haar uit die dood op te wek. Werp julle sorge op Hom, want Hy gee om! Maak nie saak wat dit is nie, Hy gee om!

144 Hy het genoeg omgegee toe daar nie eens so 'n opdrag was nie, daar niks so gesê was nie, Hy nooit daarvan melding gemaak het nie, maar Hy het omgegee omdat die vroutjie nie in die gebedsry kon kom nie, en sy gesê het: "As ek die soom van Sy kleed kan aanraak, ek glo Hom." Hy het omgegee vir haar geloof daarin, tot so 'n mate dat Hy omgedraai het en haar uitgeroep het in die gehoor, en haar gesê het haar geloof het haar gesond gemaak. Hy het omgegee omdat die vrou omgegee het.

145 Hy het omgegee toe die neuroot genaamd Legio genoeg omgegee het, om, onder teenstand, uit te wikkel onder daardie grafstene van duiwels uit en uit te gaan om Jesus te ontmoet, en homself neer te werp. Toe, Legio! Daardie duiwels sou nooit gekom het, as Legio nie sy weg daar oopgedwing het om Hom te ontmoet nie. En toe hy genoeg omgegee het om daardie poging te maak, daardie standpunt in sy geloof, het Jesus genoeg omgegee om hierdie legioen duiwels uit hom uit te werp, en sy neurotiese toestand was weg. Hy het omgegee wanneer jy omgee. Ja, meneer. Hy gee om wanneer jy omgee.

146 Nou, toe die blinde man by die Jérigo-poort geroep het: "O, Jesus!" Synde 'n Jood, Ortodoks, goeie status in die sinagoge. Maar toe hy gesê het: "Wat's daardie geraas wat verbygaan?"

Hulle het gesê: "Jesus van Násaret gaan verby, 'n Profeet."

147 Het gesê: "Jesus, U Seun van Dawid!" O, watter teregwysing was dit nie vir sy pastoor en priesters wat bygestaan het nie. Maar hy het nie omgegee wat pastoor, priester, of niks anders gesê het nie, hy was geïnteresseerd! En hy het genoeg omgegee om sy sig te kry, toe het hy uitgeroep! En toe daardie blinde

man gereed was, en genoeg omgegee het om uit te roep, het Jesus genoeg omgegee om hom te genees. Hy's dieselfde gister, vandag, en vir altyd! Hy gee om wanneer jy omgee, maar jy moet eerste omgee. Jy moet bewys dat jy omgee.

148 Hy het soveel omgegee dat toe 'n vrou, wat saam met ses mans geleef het, Sy Messiaanse teken van onderskeiding geïdentifiseer het en geweet het en herken het, het Hy genoeg omgegee dat Hy elke sonde vergewe en haar waters gee wat sy nie daarheen gekom het om te put nie, omdat sy herken het. Sy het gesê: "Meneer, ek merk op dat U 'n profeet is," toe Hy haar gesê het wat met haar verkeerd is. En hulle, sy het uitgesien na daardie dag om te kom, maar sy was heel kerkgegroepeer, sy het nie 'n kans gehad om dit te doen nie. Maar toe sy 'n Man gesien het Wat haar kon vertel wat met haar verkeerd was, het sy gesê: "Meneer, ek merk op dat U 'n Profeet is. Ek weet as die Messais kom, sal Hy hierdie dinge doen."

Hy het gesê: "Ek is Hy."

149 Dis genoeg! Sy het omgegee. Sy het haar waterkruike gelos, en sy het in die stad ingegaan, en sy het gesê: "Kom aanskou 'n Man Wat my die dinge vertel het, wat ek gedoen het. Is dit nie die einste Messias nie?" Sy was ietwat soos Ragab, sy het omgegee totdat sy die hele stad ingelig het. Sy het omgegee omdat iets gedoen was, die bevestigde Skrif is vervul en positief seker gemaak gewees, en sy het omgegee! Sy het nie omgegee wat die mans gesê het of iemand anders gesê het nie; sy het Dit gesien, sy was daar toe dit gebeur het. Sy het omgegee. En sy het vir haar mense omgegee totdat sy elkeen van hulle vertel het, en dit veroorsaak dat die hele stad in Jesus Christus glo. Sy het omgegee, en Hy het omgegee. Sekerlik, Hy het.

150 Jesus het genoeg omgegee vir die Boodskap van vandg om hierdie selfde dinge te vervul soos Hy gesê het, sodat Hy gesterf het en weer opgestaan het om hulle te stuur deur die Heilige Gees, die Vertrooster, om Sy bediening vandag te toon dat Hy steeds lewend is. Hy het genoeg omgegee. Sal ons nie omgee nie? Dis die ding, sal ons nie omgee nie? Hy het gesterf vir hierdie bediening. Hy het gesterf ten einde die Heilige Gees hier te laat wees in hierdie dag om hierdie dinge te toon. Hy het omgegee vir julle. Hy het gesorg om Dit hierheen te bring. Hy het omgegee om die verklaring te maak. Hy het omgegee omdat Hy julle liefgehad het. Hy het genoeg omgegee om dit te doen, om die Heilige Gees hiernatoe te stuur, hierdie bediening vandag te maak.

151 Dis hoe Hy bewys het Hy het omgegee in daardie dag, omdat Hy kom om te bevestig wat God gesê het Hy sou wees. Dis waarom die vrou Hom herken het. Sy het gesê: "Ek weet wanneer Messias kom, Hy's ń Profeet. Wanneer Messias kom, sal Hy vir ons hierdie dinge sê." Sien, Hy het genoeg omgegee vir die Woord van God om Dit vir haar te bevestig. Amen.

152 Nou het Hy die Heilige Gees gestuur, dat in hierdie dag van intellektuele konsepsie, dat Hy deur dieselfde Heilige Gees kan bewys deur ons dat Hy steeds die Messias is, bewys dit op dieselfde manier. Hy's dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Nou is die vraag, gee jy om? Wat dink jy daarvan? Dis hier. Dis oor en oor bewys. Gee jy genoeg om om dit te glo? Gee jy genoeg om om jou sondes te bely, dat jy verkeerd is? Bely jou ongeloof en aanvaar dit. Gee jy genoeg om om dit te aanvaar? Hy het genoeg omgegee om te sterf en weer op te staan, om dit na jou te bring. Gee jy genoeg om om dit te aanvaar? Ek dink dis bewys regdeur, van Noag se tyd af, die hele pad daar van Génesis af die heelpad deur. Ons het nie tyd om by dit alles uit te kom nie. Maar julle sien dat Hy omgee, en Hy het gesterf dat julle kan omgee, dat julle 'n weg kan hê. En Hy het daardie weg gebring. Hy het gesê presies wat daardie weg sou gedoen het, sou doen, en nou is Hy hier vandag om te toon dis die Waarheid. Nou in hierdie bose uur waarin ons leef, gee julle genoeg om daarvoor om met julle hele hart, dit te glo?

153 Of jy 'n gebedsry tref of wat dit ook al is, dit is nie dit nie, gee jy om? Werp julle sorge op Hom, Hy sorg vir julle. Wees opreg daaroor. Gee julle genoeg om om opreg te wees, want Hy het bewys deur Sy bevestigde Woord dat Hy omgee. Hy het belowe om Dit te stuur, Hy het dit gedoen! Hy het in die Woord belowe, hier is Dit! Hy gee om, nou wat van jou? Dis, jy behoort volgende om te gee.

154 Hy het genoeg omgegee, Hy het genoeg omgegee om elke vyand vir julle te oorwin, dat al wat julle moet doen is opreg wees en dit glo. Hy het dood oorwin. Dood is niks vir my om te oorwin nie; dis alreeds oorwin. Siekte is nie vir my om te oorwin nie; dit is nie vir Christus om te oorwin nie; dis alreeds oorwin. Ek hoef net genoeg om te gee om dit te glo. Is julle bevrees oor wat iemand anders julle gesê het? Is julle bevrees oor die dokter se diagnose? Is julle bang oor wat die kerk vir julle sal sê? Is jy bang om hier toon teen toon te staan met die duiwel? Sê: "Ek het my sondes bely, ek het alles opsy gesit. Ek het elke Woord geglo. Hier is ek, Here. Skep in my 'n omgee. Ek . . . U het omgegee vir my, ek gee om vir U."

155 Ek dink aan daardie heerlike ou lied: "Hy gee vir jou om. Deur sonskyn of skadu gee Hy vir jou om."

Laat ons nou ons hoofde buig, ons kan net nie nog verder gaan nie.

Hy gee vir jou om,
Hy gee vir jou om;
Deur sonskyn of skadu,
Gee Hy vir jou om.

Laat ons dit vir Hom sing, met ons hoofde gebuig, en ons hart.

Hy gee vir jou . . .

